# Die Krag Van Middernag Gebed



Gabriel Agbo

TEKTIME

Gabriel Agbo

# Die Krag Van Middernag Gebed

«Tektime S.r.l.s.»

**Agbo G.**

Die Krag Van Middernag Gebed / G. Agbo — «Tektime S.r.l.s.»,

Hierdie boek, 'Die Krag van Middernag Gebed', sal beslis een van die omvattendste en kragtigste boeke oor geestelike oorlogvoering wees. Die titel-keuse kom van ŉ rykdom van ervaring, skrikwekkende getuienisse en belydenisse, en ŉ deeglike studie van die woord van God. Dit is inderdaad ŉ baie ryk en goed nagevorste werk. Dit is deur menigte as ŉ ongelooflike boek beskryf. In hierdie boek sal jy leer van die enorme, maar nie ten volle benut, geestelike krag wat in die gebede wat tussen 11:00nm en 3:00vm gebid word lê. Weet jy genoeg van die eksplosiewe mag van lofprysing, gebed en vas? Weet jy watter rolle die engele van God, die Gees van God en die vuur van God in ons oorlog teen die koninkryk van duisternis speel? Jy sal ook lees van die kolossale, vernietigende impak wat die naam en bloed van Jesus in Satan se koninkryk het - direk uit die monde van voormalige okkult meesters. Wat gebeur wanneer Satan en sy demone in kontak kom met die twee kragtigste elemente in die heelal? Hierdie boek, 'Die Krag van Middernag Gebed', sal beslis een van die omvattendste en kragtigste boeke oor geestelike oorlogvoering wees. Die titel-keuse kom van ŉ rykdom van ervaring, skrikwekkende getuienisse en belydenisse, en ŉ deeglike studie van die woord van God. Dit is inderdaad ŉ baie ryk en goed nagevorste werk. Dit is deur menigte as ŉ ongelooflike boek beskryf. In hierdie boek sal jy leer van die enorme, maar nie ten volle benut, geestelike krag wat in die gebede wat tussen 11:00nm en 3:00vm gebid word lê. Weet jy genoeg van die eksplosiewe mag van lofprysing, gebed en vas? Weet jy watter rolle die engele van God, die Gees van God en die vuur van God in ons oorlog teen die koninkryk van duisternis speel? Jy sal ook lees van die kolossale, vernietigende impak wat die naam en bloed van Jesus in Satan se koninkryk het - direk uit die monde van voormalige okkult meesters. Wat gebeur wanneer Satan en sy demone in kontak kom met die twee kragtigste elemente in die heelal? Waarom het Satan gedurende ŉ vergadering uit sy stoel uit geval omdat die naam van Jesus genoem was? Weet jy van die vyand se oorlog strategieë teen die kerk, Christene en predikante? Hoe breek hy predikante van die evangelie af of nog erger, hoe vermoor hy hulle soms? Wie is die agente van die donker koninkryk in die kerk? Watter rol moet die gebedstryders speel? Wat is die belang van die koninkryk van

Satan in menslike vlees en bloed? Hoekom moet mense geoffer word in die okkult wêreld? Jy sal oor verskeie verhale van voormalige agente van Satan, en selfs van die media, lees oor die opoffering van mense en ander skrikwekkende gebruike wat nie gepubliseer mag word nie. Waarom sal ŉ vrou die oë van ŉ kruipende baba verwyder, haar slag, met die baba se gehuil en gekreun in haar ore, en dan die baba eet? Wat doen die okkult met seks? Kan bose geeste, verbonde en vloeke deur seks oorgedra word? Waarom sal ŉ man met ŉ klein seuntjie slaap en hom forseer om ŉ slang te eet, net om mag, rykdom en posisie te bekom? Jy sal ook lees oor ander eksplosiewe onderwerpe soos worsteling met God, binding en losmaking, breek van die poorte, oop deure, die volle wapenrusting van God, en die poorte van die hemel en hel. Die 21 kragtige hoofstukke van hierdie boek sal jou sekerlik aan die brand steek vir God. Ek is seker dat jy nog nooit vantevore so iets gelees het nie.

© Agbo G.
© Tektime S.r.l.s.

# Содержание


| | |
|---|---|
| Inleiding | 7 |
| Hoofstuk 1 | 8 |
| Hoofstuk 2 | 15 |
| Hoofstuk 3 | 18 |
| Hoofstuk 4 | 23 |
| Hoofstuk 5 | 32 |
| Hoofstuk 6 | 35 |
| Hoofstuk 7 | 39 |
| Конец ознакомительного фрагмента. | 40 |

# Gabriel Agbo
# Die Krag van Middernag Gebed

**Die Krag van Middernag Gebed**

**Deur Gabriel Agbo**

**© Gabriel Agbo – 2012**

**Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer, in ŉ ontsluitingstelsel bewaar of weergegee word, in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies of meganies, deur fotokopiëring, die maak van opnames of andersins, sonder die skriftelike verlof van die skrywer nie.**

**Tensy anders vermeld, word alle skrif aanhalings in hierdie boek uit die Nuwe Lewende Vertaling (NLV) van die Heilige Bybel aangehaal.**

## Toewyding

**Ek wy hierdie boek aan my pragtige ma, Joy Okwuchi Agbo (Nee` Mboma).**

**Ek is baie dankbaar vir die rol wat jy gespeel het in die totstandkoming en die vervulling van hierdie bediening. Toe daar vir jou gesê was dat die kind in jou skoot ŉ man van God, ŉ nasireër sou wees, het jy die profesie geglo, behoorlik gedokumenteer en al die goddelike instruksies gehoorsaam.**

**Vandag is daardie profesie ŉ werklikheid in my lewe. Ek wil jou bedank dat jy so ŉ wonderlike, goddelike, toegewyde, hardwerkende en versorgende ma is. Mag God jou seën!**

## Waardering

**Ek dank God dat Hy hierdie boek ŉ werklikheid gemaak het. Met die publisering van hierdie boek het God weereens aan my bewys dat niks onmoontlik is saam met Hom nie.**

**Die oorspronklike manuskrip vir hierdie boek het 'verlore' gegaan. Die vyand het dit vir vyf jaar in stukke gevange gehou. Maar die Almagtige het dit opgewek en weer bymekaar gesit. Ek het aan die begin van die jaar toevallig op die boek afgekom terwyl ek iets anders gesoek het. Die vyand wou nie hê dat dit gepubliseer moes word nie, maar God se wil het geskied.**

**Ek wil my vriende en medewerkers bedank vir hulle aanmoediging. Ek wil ook my pragtige familie bedank vir hulle geduld met my toe ek vir ŉ tydperk moes 'onttrek' om hierdie boek bymekaar te sit. Julle is almal wonderlik. Dankie! Dankie! Dankie!**

**Gabriel**

**www.authorsden.com/pastorgabrielnagbo**

# Inleiding

**Hierdie boek, 'Die Krag van Middernag Gebed', sal beslis een van die omvattendste en kragtigste boeke oor geestelike oorlogvoering wees. Die titel-keuse kom van ŉ rykdom van ervaring, skrikwekkende getuienisse en belydenisse, en ŉ deeglike studie van die woord van God. Dit is inderdaad ŉ baie ryk en goed nagevorste werk. Dit is deur menigte as ŉ ongelooflike boek beskryf.**

**In hierdie boek sal jy leer van die enorme, maar nie ten volle benut, geestelike krag wat in die gebede wat tussen 11:00nm en 3:00vm gebid word lê. Weet jy genoeg van die eksplosiewe mag van lofprysing, gebed en vas? Weet jy watter rolle die engele van God, die Gees van God en die vuur van God in ons oorlog teen die koninkryk van duisternis speel?**

**Jy sal ook lees van die kolossale, vernietigende impak wat die naam en bloed van Jesus in Satan se koninkryk het – direk uit die monde van voormalige okkult meesters. Wat gebeur wanneer Satan en sy demone in kontak kom met die twee kragtigste elemente in die heelal? Waarom het Satan gedurende ŉ vergadering uit sy stoel uit geval omdat die naam van Jesus genoem was?**

**Weet jy van die vyand se oorlog strategieë teen die kerk, Christene en predikante? Hoe breek hy predikante van die evangelie af of nog erger, hoe vermoor hy hulle soms? Wie is die agente van die donker koninkryk in die kerk? Watter rol moet die gebedstryders speel?**

**Wat is die belang van die koninkryk van Satan in menslike vlees en bloed? Hoekom moet mense geoffer word in die okkult wêreld? Jy sal oor verskeie verhale van voormalige agente van Satan, en selfs van die media, lees oor die opoffering van mense en ander skrikwekkende gebruike wat nie gepubliseer mag word nie. Waarom sal ŉ vrou die oë van ŉ kruipende baba verwyder, haar slag, met die baba se gehuil en gekreun in haar ore, en dan die baba eet? Wat doen die okkult met seks? Kan bose geeste, verbonde en vloeke deur seks oorgedra word? Waarom sal ŉ man met ŉ klein seuntjie slaap en hom forseer om ŉ slang te eet, net om mag, rykdom en posisie te bekom?**

**Jy sal ook lees oor ander eksplosiewe onderwerpe soos worsteling met God, binding en losmaking, breek van die poorte, oop deure, die volle wapenrusting van God, en die poorte van die hemel en hel. Die 21 kragtige hoofstukke van hierdie boek sal jou sekerlik aan die brand steek vir God. Ek is seker dat jy nog nooit vantevore so iets gelees het nie.**

**Mag God jou seën!**

*Gabriel Agbo*

# Hoofstuk 1
# Die Krag van Middernag Gebed

**E**en van die kragtigste geestelike instrumente wat God vir ons gegee het, maar wat erg deur Christene verwaarloos word, is middernag gebed. Middernag gebede (of nagwaak) is gebede wat regdeur die nag gedoen word. Die gebede wat in die Bybel en deur die eeue omstreeks middernag gebid was, het nog altyd geweldige en ongeëwenaarde resultate gebring. Dit is noodsaaklik dat jy, as ʼn Christen, ʼn lewe van nagwaak lewe. Daar is vlakke in die gees wat jy nooit sal bereik sonder om middernag gebede te bemeester nie. Daar is vlakke van openbarings wat jy nie sonder langdurige middernag gebede kan kry nie. En daar is ook sataniese vestings, entiteite, trone en kettings wat jy dalk nooit sal kan breek, behalwe deur langdurige middernag gevegte nie.

Die doel van hierdie boek is om die kerk (Christene) bewus te maak van hierdie wonderlike geestelike wapen wat God tot ons beskikking stel. Ek glo (en ook deur my ervaring) dat enige Christen wie die daad van middernag gebede bemeester, ook dit wat in die dag gebeur sal beheer.

Hoekom moet ons in die middernag bid? Middernag (of die ure tussen 11:00nm en 3:00vm) is bekend as die bedrywigste geestelike tydperk van die dag. Jy sal agterkom dat drome, openbarings, aanvalle, besoeke van die geesteswêreld (deur beide engele en demoniese magte) dikwels gedurende hierdie tydperk kom, veral wanneer jy slaap. En die rede hiervoor is eenvoudig. Mense word maklik oorweldig, beïnvloed of beheer terwyl hulle slaap. Die liggaam is natuurlik swak gedurende hierdie tyd en dit maak dit vatbaar vir enige geestelike manipulasie.

Vir iemand om beskerm te word en magtig te wees in die geesteswêreld moet daardie persoon se gees deur ʼn hoër Gees gelei word; wat die Heilige Gees is in die Christen se geval. Ons gaan nie nou al dieper in daardie verduideliking in gaan nie. Al wat ek wil sê is dat middernag altyd ʼn tydperk van intense geestelike aktiwiteite is, vir die koninkryk van God en die koninkryk van Satan.

As jy die aktiwiteite rondom jou moet beheer en die sataniese verordeninge teen jou lewe moet uitroei, dan moet jy leer om in die middel van die nag wakker te word om teen die magte van duisternis te veg. Kom ons kyk byvoorbeeld na die aktiwiteite van hekse en towenaars. Hulle is agente van duisternis wat deur die gees van towery besit word. Hierdie gees is bekend as ʼn baie bose gees in die koninkryk van duisternis. Die gees geniet dit om skade te veroorsaak en soms om mense totaal te vernietig. Hekse het nie die woord 'genade' in hul woordeboek nie. Dit is waarom ʼn persoon; selfs ʼn familielid wat deur hierdie bose gees besit word kan voortgaan en die persoon naaste aan hulle kan vernietig. En hierdie stel agente van duisternis werk hoofsaaklik gedurende die middernag ure.

Hulle modus operandi is gewoonlik om hul bose pyle (aanvalle) te skiet terwyl hulle slagoffers slaap. En teen die tyd wat die persoon wakker word sien hulle hoe alles verkeerd gaan. Hulle kan besighede, bedienings, kerke, huwelike, verhoudings en gesondheid ens. aanval. Soms word die slagoffers se bestemmings na hul heksevergaderings (waar hulle ontmoet) geneem en gebind. Of die slagoffer word eenvoudig net vermoor. God het geweet hoe verskriklik hierdie bose agente van Satan is, gevolglik het Hy vir Israel beveel om nie toe te laat dat hulle (hekse) lewe nie. Ons sal later meer kommentaar hieroor lewer.

Ons doel is om jou te laat besef dat as jy teen hierdie agente van duisternis wil veg en wen, wat gewoonlik gedurende middernag funksioneer, moet jy gedurende die middernag ure wakker wees om te bid. Jy moet wakker word om hul bose pyle, vloeke en inkantasies teen jou ondoeltreffend te maak. En nie net dit nie, jy kan ook terselfdertyd ernstige en ewige verwoesting in hul koninkryk saai. Dit is slegs moontlik deur kragtige en volgehoue middernag gebede.

Ons is ook bewus dat die gevaarlikste sataniese opofferings en verordeninge gewoonlik in die middel van die nag geskied, nie net die heksevergaderings nie. As God ons oë moes oopmaak om te sien wat in ons samelewing of selfs rondom ons aangaan in die nag sal ons geskok wees. Soveel mense

wat onskuldig, eerbaar en ordentlik in die dag lyk, raak betrokke by sataniese en duiwelse aktiwiteite in die nag. Dit beteken nie: dat hulle nie kerk toe gaan nie; of nie deel van ander godsdienstige groepe is nie; of nie geld aan godsdienstige liggame en liefdadigheidsorganisasies skenk nie. Sommige van hierdie mense is eintlik wat ek '**Bewegende Sataniese Altare**' wil noem. Hoe kan die Christen of die kerk teen hierdie mense stry? Dit is slegs deur die beoefening van dinamiese, langdurige gebede, veral in die middel van die nag.

Die Bybel is nie stil oor die aktiwiteite wat in die middernag plaasvind nie. Job het gesê:

**"Moenie wens dat die nag kom nie. Dis juis dan dat mense vernietig word."**

**Job 36:20**

Die Psalmskrywer noem dit "die skrik van die nag" (Psalms 91:5). Jesus het ook gesê dat die vyand gedurende die nag kom om onkruid te saai (Matteus 13:25). Jy mag dit dalk nie glo nie, maar die meeste van die probleme wat ons vandag ervaar is deur demoniese magte in ons lewe ingeskiet terwyl ons geslaap het. En weet jy dat byna alles in hierdie lewe eers in die geestesryk besluit word voordat dit in die fisiese verskyn? Dit verklaar waarom sommige van ons altyd dinge (seëninge of probleme) in ons drome of visioene sal sien voordat ons dit fisies ervaar. Gebeur dit ook met jou? Dit is dieselfde met sataniese pyle. Hulle word eers in die geestesryk geskiet voordat hulle fisies manifesteer.

Niks gebeur sommer net nie. Daar is altyd ŉ oorsaak in die geestesryk, dan volg die effek in die fisiese wêreld. Ons moet wakker word en begin om ons middernag deur gebede te beheer. Dit is waar die slagveld is. En ons wedervaringe op die slagveld sal bepaal hoe groot, kragtig, voorspoedig en gesond ons in die dag sal wees.

Ons sal na voorbeelde van wonderlike mans en vroue (insluitend Jesus) in die Bybel kyk, wie hul middernag gevegte gewen het en gevolglik beheer in die dag gehad het.

Ek was aangemoedig om hierdie boek te skryf na die terugvoer wat ek ontvang het nadat ek dele van hierdie boodskap in my rubrieke in die *Guardian* koerante en ander gepubliseer het. Ek het terugvoer vanuit Kanada, die Verenigde State, Europa en natuurlik Nigerië, ontvang. ŉ Bekende Kanadese skrywer, wie die artikel op die internet gelees het, was so opgewonde dat sy vir my terugvoer gestuur het om die boodskap te prys, en ook om te bely dat sy op dieselfde tyd van die nag aangeval word deur sataniese agente. Sy het saamgestem met alles wat ek in die rubriek geskryf het.

Ja, geestelike beginsels is universeel. Die metodes en modus operandi kan wissel van plek tot plek, maar die beginsels is basies dieselfde. Dit is nog steeds ou Satan en sy ondeunde donker leërskare. Ons weet dat die oorlog tussen die koninkryk van God en Satan is. Die slagveld is die mens. Die stryd is oor wie die aktiwiteite en bestemmings van mense sal beheer.

Maar, waar God die mens vir goed wil gebruik, wil die duiwel en sy agente die mens verwoes. Hulle haat hom en beny hom, want hulle weet wat God vir hom beplan. Hulle weet wat die mens se plek in God se program is. Hulle is bewus van die wonderlike en salige bestemming wat God vir die mens voorberei, so hulle veg dag en nag om te sien of hulle die plan kan ontspoor. Onthou, hulle (Satan en die heersers van duisternis) is gevalle engele. Hulle was in God se teenwoordigheid voordat hulle aarde toe gegooi was as gevolg van hulle ongehoorsaamheid. So, wat ek hier wil uitlig is dat die middernag ure die hoofterrein is vir hierdie stryd tussen die koninkryke. Jesus het dit so verduidelik:

**"Die dief kom vir niks anders nie as om te steel, dood te maak en te vernietig. Ék het gekom sodat hulle lewe kan hê, ja, sodat hulle dit oorvloedig het."**

**Johannes 10:10**

En jy weet dat die dief altyd in die aand sal wil kom, wanneer hy nie gesien of uitgedaag sal word nie. Ons vyand, Satan, is presies so. Maar kom ons kom by die hoofpunt uit. En dit is om te kyk na wonderlike mans en vroue in Bybel wat die grootste gevegte van hul lewens geveg en gewen het in die middernag ure. Kom ons begin by ons groot Meester en die perfekte voorbeeld, Jesus Christus.

**Jesus**

Terwyl Hy op die aarde was, het Hy al Sy gevegte gewen. Toe Hy op die punt was om Sy aardse bediening te begin, het Hy in die woestyn in gegaan om te vas vir 40 dae en **40 nagte**. Toe Sy kritici hom gekonfronteer het, het Hy die woord van God en die woord van die profete gebruik. Om die ongelowiges te wen het Hy wonderwerke, tekens en wonders gedoen. Om die duiwels te verplaas het Hy hulle berispe en hulle beveel om uit te kom. Maar toe Hy uiteindelik by die punt van Sy hoogste offer vir die mensdom gekom het, het Hy weer in middernag gevegte ingegaan. En dit is wat ek die 'Slag van Getsemane' noem.

**Die Slag van Getsemane**

Die oorlog om die mens te red was geveg en gewen deur Jesus in die middernag ure in ŉ olyftuin met die naam van Getsemane. Die werklikheid en die gewig van Sy doel op aarde het swaar op Hom gelê. Hy het ŉ keuse gehad – Hy kon aangaan of kop uittrek. Maar Hy het gekies om wakker te bly en teen Satan, sonde en self te veg. Dit was die aand voor die laaste 12 ure van Sy lewe. Dit was inderdaad baie belangrik vir die hele redding idee. Ek glo die hoof geveg om die mens te red was op die 'Getsemane slaggebied' geveg en gewen. Wat later op die kruis gebeur het was die voleinding van die geveg. Kom ons kyk na die skrif in Matteus 26:34-46:

**"Jesus antwoord hom: 'Glo My, Petrus, vannag nog, voordat die haan kraai, sal jy drie maal ontken dat jy My dissipel is.' Petrus sê toe vir Hom: 'Al moet ek saam met U sterf – ek sal dit beslis nooit doen nie!' Al die dissipels het dieselfde verklaar. Jesus kom toe saam met hulle by 'n olyftuin met die naam Getsemane en Hy sê: 'Sit julle hier, terwyl Ek daar anderkant gaan bid.' Hy neem toe vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saam met Hom. Daarop oorval 'n groot ontsteltenis en benoudheid Hom. Hy sê toe vir hulle: 'Ek is benoud tot sterwens toe. Bly julle hier, en waak saam met My.'**

**"Hy het toe 'n entjie verder neergeval en met Sy gesig plat teen die grond gebid: 'O my Vader! As dit moontlik is, neem tog hierdie lydensbeker van My weg. Doen nogtans nie soos Ék wil nie, maar soos Ú wil.' Hy kom toe terug by die dissipels en kry hulle aan die slaap. Hy sê vir Petrus: 'So, kon julle dan nie eers een uur saam met My wakker bly nie? Wees waaksaam en bid sodat julle nie in die versoeking kom nie. 'n Mens se gees is wel gewillig, maar jou liggaam hou nie altyd by nie.' Weer het Hy van hulle af weggegaan en gebid: 'My Vader! As hierdie beker nie van My kan weggaan sonder dat Ek dit moet drink nie, laat U wil dan uitgevoer word.' Hy het toe teruggegaan en kry hulle weer aan die slaap. Hulle was so vaak dat hulle oë eenvoudig nie wou oopbly nie. Hy het hulle toe daar gelos en weer weggegaan en dieselfde gebed vir die derde keer gebid. Toe kom Hy na Sy dissipels toe en sê: 'Slaap en rus julle nog steeds? Die tyd het aangebreek! Ek, die Seun van die Mens, word nou oorgegee in die hande van slegte mense. Staan op, ons moet gaan! Kyk, my verraaier is hier'."**

Ek moes die hele storie deel sodat jy kan verstaan wat ek probeer sê. Hierdie was die nag toe Jesus Sy naaste volgelinge na ŉ olyftuin geneem het om middernag oorlog te voer. Dit was inderdaad ŉ moeilike aand gewees. Hy moes besluit of Hy die reddingsplan sou deurvoer of net los. Wat Hy sou moes deurmaak van die aand in Getsemane tot en met Paassondag het deur Sy kop gewoel. Hy sou deur ŉ gruwelike ervaring moes gaan – die Jode se vyandigheid, die dissipels se verraad, ontkenning en verwerping. Hy sou die volgende moes verduur: 39 sweepslae, die doringkroon, die spies deur Sy sy, die bespotting, die skerp naels en uiteindelik die graf.

Die werklikheid van al hierdie swaarkry het Hom daardie aand getref en Hy het besluit om wakker te bly en deur die nag te veg. Hy het geweet dit gaan ŉ middernag geveg wees en toe Hy klaar was het Hy onmiddellik vir Sy dissipels gesê, "Staan op, ons moet gaan". Hy het geweet dat Hy die geveg in die gees gewen het en Hy was bereid om die fisiese uitdagings aan te durf. Dit is presies wat gebeur met ŉ middernag gebedstryder. Hulle is altyd vreesloos en reg om enige situasie in die dag aan te pak. Jy sal altyd moedig en vol vertroue wees dat elke omstandigheid vir jou guns sal saamwerk.

Ek stel voor dat jy die film '***The Passion of The Christ***' deur Mel Gibson kyk (as jy nog nie het nie) om hierdie boodskap beter te verstaan. Jy sal visueel kan sien wat tussen Jesus en die duiwel

by Getsemane gebeur het. Satan het byna die oorhand oor Jesus behou om die idee van die kruis te laat gaan. Maar Jesus het hom weerstaan en het gevolglik die stryd gewen. Die stryd is inderdaad in die middernag ure. Begin vandag om te veg.

**Israel**

Kom ons kyk nou na die rol wat middernag in die bevryding van die kinders van Israel uit Egipte gespeel het. As gevolg van die hardkoppigheid van Farao om die kinders van God te bevry om na die Beloofde Land te gaan, het God besluit om die land met verskillende plae te tref. Moses en Aäron het tekens en wonders gedoen, en het plae op die land van Egipte vrygestel, maar Farao het geweier om Israel te bevry. Daar was plae van paddas, die verandering van die water van die Nyl in bloed, vlieë, muskiete, beeste pes, swere, hael, sprinkane en duisternis. Maar al hierdie plae kon nie Farao se hart verander nie. Hy het nogal met hoogmoedigheid vir Aäron gevra, "Wie is hierdie 'Here' nogal dat ek na hom moet luister om Israel te laat gaan? Ek ken nie ŉ 'Here' nie. Ek sal Israel ook nie toelaat om te gaan nie. En let wel, ek wil julle mense (Moses en Aäron) nie weer in my paleis sien nie. Die dag wat julle weer hier in kom, sal ek julle doodmaak. Verstaan jy Moses?" En Moses het gesê: "Goed so. Ek sal jou nooit weer sien nie." En hulle het vertrek. (Eksodus 10)

Daarna het God vir Moses gesê dat Hy net nog een ramp oor Farao en Egipte sou stuur en daarna sou Farao die kinders van Israel smeek om Egipte te verlaat. God het vir Moses gesê dat Hy ŉ ordonnansie, **Paasfees,** om hulle ontwil sou instel. En dit sou **in die nag** gedoen word. Hy het gesê dat nadat hulle die ordonnansie verrig het dat Hy (God) deur die land van Egipte sou beweeg en elke eersgeborene, van mens en dier, sou doodmaak, terwyl Hy ŉ vonnis teen al hulle gode sou uitvoer. En dit is presies wat God vir jou sal doen in die middernag ure. Hy sal jou vyande en hul gode oordeel. Hy is gereed om ŉ nuwe 'ordonnansie' in te stel om julle ontwil, indien die behoefte ontstaan. Ja, kragtige en bevrydende ordonnansies word die beste by middernag altare ingestel!

My belangstelling hier is by die feit dat God Sy laaste troefkaart teen Farao uitgebring het om hom te forseer om Israel uit Egipte te bevry, en dat Hy verkies het om dit in die middernag ure te doen. Hy het spesifiek vir hulle gesê om die offer in die nag te maak en ook om gereed te wees om die land daardie nag te verlaat. En waarlik, Hy het om middernag gekom.

**"Teen middernag het die Here al die Egiptiese seuns wat eerste gebore is, laat sterf, vanaf die Farao wat oor die land regeer se oudste seun tot by die oudste seun van die gevangene wat in die tronk sit. Selfs die vee wat eerste gebore is, het gevrek. Die Farao, sy amptenare en al die mense van Egipte het in die nag wakker geword en opgestaan. Deur die hele Egipte kon gehoor word hoe mense droewig huil. Daar was nie 'n enkele huis waarin daar nie iemand dood is nie."**

**Eksodus 12:29-30**

Ja, God het die trots en krag van Egipte getref – hulle eersgebore seuns in die middernag ure. Jy kan net die oproer oor die hele land indink. Beide mens en dier se weeklag! Ons God is inderdaad kragtig!

Voor ons voortgaan met wat daardie Paasnag gebeur het is daar iets waarop ek wil hê ons moet let. Die plaag van die dood van die eersgeborenes van Egipte, in teenstelling met die ander plae, was buitengewoon en vreemd vir die Egiptenare. Hulle het op een of ander manier die ander nege plae wat vroeër gekom het gesien, maar die laaste een (die dood van al die eersgeborenes) was nie aan hulle bekend nie.

Plae was nie ongewone verskynsels vir die Egiptenare nie. Dit was deel van hul plaaslike kleur. Die water van die Nyl wat in bloed verander was en die paddas wat die land oordek het was nie heeltemal vreemd nie. Vlieë, muskiete, beeste pes, swere, hael, sprinkane en duisternis was nie iets nuut nie. Hierdie dinge wat die Bybel beskryf word steeds deur die Egiptenare ervaar. Byvoorbeeld, die 'Rooi Nyl' is ŉ gebeurtenis waar deposito's van die Abessiniese Meer dikwels die vloedwater na ŉ donker rooibruin verkleur, veral in die boonste dele van die Nyl. Dit mag dalk soos 'bloed' lyk.

Ten tyde van die vloede, kan paddas en vlieë soms so vinnig vermenigvuldig dat hulle gereelde plae in die land word. Egipte het ook luise of vlieë wat by honde voorkom. Hierdie insekte val dikwels hele gebiede in swerms aan en val die oë, neus en ore aan, en hul steke kan baie pynlik wees. Beeste pes is regoor die wêreld bekend. Die plaag van sere is ook bekend as die 'Nyl hart' of 'Nyl-jeuk'. Dit is ŉ irriterende en branderige uitslag wat dikwels in maagsere ontaard. Moses het ook hierdie verskriklike uitslag as ŉ dreigement van straf teen die Israeliete gebruik tydens hulle tyd in die woestyn.

Dieselfde kan oor die haelstorms en duisternis gesê word. Slegs die dood van die eersgeborenes was ŉ plaag sonder gelyke. Dit was ontwerp om die laaste strooi te wees wat die kameel se rug sou breek. En Farao, soos verwag, het onmiddellik geswig.

Kom ons gaan nou terug na die Paasnag toe. God het vir die Israeliete gesê dat wat hulle daardie aand gedoen het ŉ ordonnansie vir die res van hul lewens sou word. Hulle moes dit elke jaar doen en ook vir hul kinders aangee. Dit is presies hoe ek middernag gebede sien. Raadsbesluite wat gedurende middernag gebed gemaak word is altyd baie sterk en hulle bring dikwels goeie resultate.

In die meeste gevalle bring hulle ook deurbraak en seëninge wat oor generasies strek; wat jou sal oorleef. En ons moet ook hierdie praktyk vir ons toekomstige geslagte aanleer. Dit is ook in die middernag ure dat die meeste van die sataniese verordeninge teen ons, ons families, dorpe, kerke ens. Gestel word, soos ons vroeër genoem het. So, wanneer ons in die middernag bid, vernietig ons sulke sataniese verordeninge en skep vars en gunstige verordeninge wat namens ons sal praat vir die res van ons lewens.

Die Paasnag middernag het die kettings van slawerny van die Israeliete af gebreek. Dit het hulle vyande en hul gode verslaan en het ook vir hulle ŉ ongelooflike rykdom gegee. Trouens, die Bybel sê in Eksodus 12:36, "Israel het Egipte behoorlik geplunder." Dit is presies wat met jou gebeur wanneer jy by middernag gebede betrokke raak. Begin vandag en jy sal magtige verlossing oor jou pad sien kom.

**Jakob**

"**Gedurende die nag** het Jakob opgestaan en sy twee vroue, twee slavinvroue en elf seuns geneem en hulle deur die Jabbokdrif gestuur. Nadat hy hulle na die oorkant toe laat gaan het, stuur hy ook al sy besittings deur. Hy het daar alleen agtergebly. 'n Man het gekom en met hom gestoei tot dagbreek toe. Toe die man sien dat hy hom nie kom onderkry nie het hy Jakob op sy heup geslaan sodat dit uit die potjie spring. Toe sê die man: 'Los my nou, die dag begin al breek.' Uitasem sê Jakob: 'Ek sal jou net laat gaan as jy my seën.' 'Wat is jou naam?' vra die man. Hy antwoord: 'Jakob.' 'Jou naam sal nie meer Jakob wees nie,' sê die man vir hom. 'Van nou af is dit Israel, want jy het met God en mens geworstel en nie kopgegee nie.'

"'Wat is jóú naam dan?' vra Jakob hom. 'Hoekom vra jy wat my naam is?' antwoord die man. Toe seën hy Jakob net daar. Jakob het die plek Pniël genoem, want hy het gesê: 'Ek het God in die gesig gekyk. Tog is my lewe gespaar.' Die son was besig om op te kom net toe hy van Pniël af weggaan. Van toe af het hy gehink as gevolg van sy heup.

Genesis 32:22-31

Ons wil sien hoe Jakob sy middernag benut het om sy ongunstige situasie te verander. Jy weet seker reeds dat baie min mense in die Bybel dieselfde vlak van goddelike genade as Jakob ervaar het. God het hom in so ŉ mate geseën dat sy kinders, vroue en ander besittings in groepe en kampe beweeg het. En teen dié tyd het hy Paddan-Aram (Laban se huis) verlaat om na Kanaän te gaan volgens God se instruksie.

Toe hulle by ŉ plek kom wat Jakob Maganajim genoem het (God se Kamp), het hy boodskappers na sy broer Esau gestuur om hom in te lig dat hy op pad huis toe was. Maar sy broer se reaksie was vreesaanjaend. Die boodskappers het teruggekom en hom vertel dat Esau kom om hom te ontmoet met ŉ elite-groep van 400. Jakob was onmiddellik verward. Hy het met paniek probeer dink wat om te doen. Toe het hy gebid en het geskenke aan sy ontstoke broer gestuur om hom te paai.

Ons moet onthou dat Jakob Esau se geboortereg en seëninge weggeneem het op 'n bedenklike wyse. Dit was nou Esau se geleentheid om hom terug te betaal. En ook, na Jakob gevlug het, het Esau homself beskou as die enigste erfgenaam van hulle vader se besittings. Hy kon ook gedink het dat Jakob terug gekom het om hom van hul vader se groot boedel te verplaas of om ten minste vir sy eie aandeel te vra.

Jakob het geweet dat die bogenoemde 'n moontlikheid was en daarom het hy vir die boodskappers gesê om vir Esau te vertel dat hy nie huis toe gekom het om vir sy erfenis te baklei nie, want God het hom reeds geseën met beeste, esels, kleinvee, slawe, en vrou-dienaars.

Jakob en sy familie het by die Jabbokrivier aangekom, en soos die nag gekom het, het hy sy gesin oor die drif van die rivier gestuur, terwyl hy alleen agter gebly het. Hy het besluit om die nag in gebed deur te bring en hy het verlang om alleen met God te wees. Dit was 'n eensame, geïsoleerde, en onbeskermde plek. Jakob het in nood op die aarde neergebuig. Dit was middernag. Die realiteit van Esau se bedreiging teen hom, sy kinders en vroue het in hom geroer. Hy het geween, gehuil, en het God herinner aan al Sy beloftes aan hom.

En ewe skielik was daar 'n sterk hand op sy skouer. Hy het gedink dit is 'n vyand wat sy lewe wou neem en hy het probeer om homself uit die greep van sy aanvaller te kry. Die twee het in die duisternis geworstel. Daar was nie 'n woord gespreek nie, maar Jakob het al sy krag bymekaar geskraap en het nie sy pogings vir 'n oomblik ontspan nie. Hy het vir sy lewe baklei.

Dit is presies waaroor middernag gebed gaan. Dit gaan oor die stryd vir jou lewe en bestemming. Wanneer jy lewensgevaarlike situasies in die gesig gestaar, wanneer jy omstandighede wat jou bestemming bedreig in die gesig gestaar, is die beste plek om hulle op te los die middernag terrein. Om middernag stoei jy met God, met die mens, en met geeste. En wanneer 'n mens vir hul lewe veg het jy nie regtig nodig om vir hul te sê om dapper te wees nie. Hulle sal teen die situasie veg tot en met hul laaste asem. Daar is vandag probleme in jou lewe wat ek glo net uitmekaar gehaal kan word deur middernag gebede. En jy moet teen daardie probleme veg asof dit jou laaste geveg is.

Jakob het vir die wese met wie hy geworstel het gesê dat hy (Jakob) hom nie sou laat gaan, tensy hy hom geseën het nie. Dit moet ook ons gesindheid wees elke keer as ons bid. Ons moet bid met kanniedood mentaliteit. Jakob het volgehou en die oorhand gekry. Hy het geweier om op te gee totdat hy geseën was. Alhoewel dit soms lyk asof die situasie moeiliker of taaier word terwyl ons bid, moet jy aanhou totdat jy die oorwinning kry. Hou altyd in gedagte dat 'n seëvierende einde gewaarborg is.

Jakob het daardie plek as 'n veranderde man verlaat. Hy het 'n ewige naam ontvang – Israel. Al sy vrese was afgehandel en God het ook voor hom uitgegaan om Esau se hart te versag. Sy vrese het oornag in moed verander. Hy het voortgegaan om sy broer en sy elite-groep te ontmoet. Teen hierdie tyd het God hulle in sy vriende verander. Trouens, die Bybel sê dat soos Jakob die worstel plek verlaat het – Pniël – was die son besig om op te kom (Genesis 32:31). Die son sal ook vandag vir jou opkom, in die naam van Jesus! Daar is niks wat jy nie deur middel van middernag gebede kan bereik nie. Begin vandag en getuienisse sal agter jou begin aanhardloop. Kom ons kyk kortliks na wat een van die wonderlikste leraars van ons tyd oor middernag gebed sê voordat ons aangaan:

**Kenneth E. Hagin oor Middernag Gebed**

"Eerstens, laat ek verduidelik dat ek meeste van my bid werk in die aand doen. Ek is al vir die meeste van my lewe 'n aand persoon. Ek is nou ouer en het effens verander, maar ek was nog altyd meer waaksaam gewees teen **MIDDERNAG** as op enige ander tyd van die dag. Dit is ook waarom ek altyd my studeer werk in die aand gedoen het. Ek het al baie keer regdeur die aand gestudeer en gelees.

"Ek het in die gewoonte gekom om gedurende die aand te bid toe ek bedlêend was in 1933 en 1934. Ek kon nie op enige ander manier bid behalwe in die bed nie, want ek was bedlêend – gekoppel aan daardie bed. Ek kon nie opstaan en loop nie. Ek onthou een spesifieke aand, ek het die hele aand gebid. Ek het glad nie geslaap nie; ek het net gebid. Daar is baie aande wat ek byna die hele aand lank bid. Daar is ook baie aande waar ek vir 'n uur of twee sou bid voordat ek gaan slaap het.

"Ek het altyd uitgesien na aande wanneer almal in die bed was en dinge stil geraak het, sodat ek kon bid… Ek het in die gewoonte gekom om in die aand te bid wanneer ek alleen kon wees, en ek dink ek het dit net aanhou doen deur die jare. Baie kere het God in die aand met my gepraat."

**Kenneth E. Hagin is die stigter van *Kenneth Hagin Ministries* en *RHEMA Bible Church*, Tulsa, Oklahoma, VSA.**

**–** (Uittreksel is uit sy boek *Plans, Purposes & Pursuits*, bladsy 2, geneem en losweg vertaal).

Die meeste suksesvolle leraars wie al ooit ŉ onuitwisbare merk vir die koninkryk van God gemaak het, het dieselfde ervaring en stories om te vertel. Maar ons kan hulle nie almal hier noem nie. Kom ons gaan oor na die volgende hoofstuk.

# Hoofstuk 2
# God van Hanna

**D**ie meeste mense wat die krag van middernag gebed ontgin is diegene wat desperaat vir God se ingryping in hul situasies is. Hulle het ŉ plek bereik waar dit vir hulle verby sal wees as God niks aan hul omstandighede doen nie. Hulle kom by ŉ kruispad aan. Voordat jy die gemak van jou bed sal verlaat en jouself ontneem van ŉ goeie nagrus om te huil en vir God te vra om by jou situasie in te gryp, dan sou jy ŉ plek van wanhoop in jou lewe bereik het. Soms laat God toe dat ons by so ŉ plek uitkom, sodat ons ons perke kan sien en om, terselfdertyd, Sy vermoë om te red en herstel te waardeer.

Kom ons kyk na die verhaal van Hanna in 1 Samuel 1:6-20:

"Maar Peninna het Hanna oor haar kinderloosheid gespot en verneder. Dit het jaar na jaar gebeur wanneer hulle na die huis van die HERE gegaan het. Dit het Hanna so laat huil dat sy nie wou eet nie…

"Op 'n keer toe hulle weer by Silo was, het Hanna ná die offermaaltyd na die heiligdom van die HERE gegaan. Die priester Eli het op sy gewone plek by die ingang gesit. Hanna was baie ontsteld en terwyl sy onbedaarlik huil, het sy tot die HERE gebid. Sy het 'n gelofte maak: 'O HERE, Almagtige, as U tog net my verdriet wil raaksien en my gebed verhoor en vir my 'n seun gee, sal ek hom vir U teruggee. Lewenslank sal hy aan U behoort. As teken daarvan sal sy hare nooit gesny word nie.'

"Terwyl sy besig was om te bid, het Eli haar dopgehou. Haar lippe het beweeg, maar 'n mens kon niks hoor nie. Hy dink toe sy is dronk. 'Moet jy dan besope hier aankom?' sê hy. 'Los die drank uit!'

"'O nee, Meneer!' antwoord sy. 'Ek het nie wyn of sterk drank gedrink nie. Ek is net diep bedroef. Ek het maar net my hart voor die HERE oopgemaak. Asseblief, moenie dink ek is 'n slegte vrou nie. Ek het so lank gebid omdat ek baie hartseer is.'

"'Gaan gerus,' sê Eli. 'Mag die God van Israel vir jou gee wat jy Hom gevra het.'

"'Baie dankie, Meneer!' antwoord sy en gaan terug om te eet. Sy was nie meer hartseer nie.

"Die gesin het vroeg die volgende oggend opgestaan. Nadat hulle die HERE aanbid het, is hulle terug huis toe in Rama. Elkana het by Hanna geslaap en die HERE het Hanna se versoek onthou. Sy het swanger geword en op die regte tyd geboorte gegee aan 'n seun. Sy het hom Samuel genoem, 'want,' het sy gesê, 'ek het hom van die HERE afgesmeek.'"

Dit is ŉ storie wat jy seker baie goed ken. Hanna was getroud met ŉ ryk Leviet – Elkana van die gebergte van Efraim in Israel. Die egpaar het met blydskap en in harmonie geleef, maar kon nie kinders hê nie. Na ŉ paar jaar het Elkana met ŉ tweede vrou getrou – Peninna. Peninna het in die situasie ingekom en het twis, jaloesie, en bitsigheid saam met haar gebring.

Elkana se huis, wat eens vreedsaam was, het skielik in ŉ teater van oorlog verander. Die euwel van poligamie. Hanna was aan die ontvangkant. Asof dit nie genoeg was dat sy bedroef was omdat sy nie ŉ baba kon hê nie, het Peninna haar herinner aan hoe onproduktief, waardeloos, en onbegeerd sy in daardie was.

Peninna sou haar spot en selfs tart op pad kerk toe. Die Bybel sê dat Hanna, na al hierdie trauma, sou huil en huil en weier om te eet. Ek glo Hanna moes ŉ spook van haarself gewees het. Stel jou ŉ persoon voor wat heeltyd gehuil het, haarself uitgehonger het en gerou het – vir jare.

Dit was die toestand van hierdie vrou. In vers sewe maak die Bybel dit duidelik dat dit elke jaar die geval was met Hanna: "Dit het jaar na jaar gebeur." Dit was dieselfde kinderloosheid, dieselfde bespotting, dieselfde teleurstelling, dieselfde vrugtelose pogings, en dieselfde verydelde verwagtinge. Ek bid dat elke herhalende negatiewe situasie in jou lewe verbreek sal word soos jy hierdie boodskap lees in die naam van Jesus!

Daar is mense wat vandag deur Hanna-agtige situasies gaan. Hulle gaan ŉ nuwe jaar binne met die hoop om die beste daar uit te kry of ten minste iets beter. Hulle hoop vir ŉ beter werk, ŉ beter

verhouding, ŉ gemaklike huis, ŉ salige huwelik, hoër geestelike vlakke, ens. Maar die jaar eindig sonder dat hulle enige van hul verwagtinge bereik. Sommiges is jaar na jaar in daardie sirkel van mislukking vasgevang. Geen bevordering, geen deurbraak.

Hanna het met baie hoë verwagtinge in daardie huwelik ingetree. Sy het jaar na jaar gehoop hulle sal werklik word, maar het in plaas daarvan teleurstelling, bespotting, uittarting, en trane ontvang. Dank die Here dat sy besluit het om dit vir eens en altyd op te los, en sy het besluit om dit in die middernag te doen. Sy het geweet dat middernag die mees geskikte stryd terrein vir desperate mense is.

Hanna het eendag, terwyl hulle in Silo was, na aandete (in die nag) na die tabernakel toe gegaan. Daar het sy tot God gebid. Sy het na God geroep om haar toestand te verander. God is altyd bewus van wat ons deurgaan, maar die meeste kere, wag Hy om ons erns om die situasie te verander te sien. As jy gemaklik is met jou toestand sal God jou ook toelaat om gemaklik daarmee te wees. Maar as jy sal opstaan, die toestand in die oë kyk, en aan God vashou om iets daaraan te doen, sal jy beslis Sy magtige hand sien wat verlossing vir jou sal bring.

Hanna was desperaat (vers 15). En sy het besluit dat haar toestand daardie aand moes verander. Ja, totdat jy nie desperaat is nie, mag jy dalk niks fenomenaal van God ontvang nie. Hiermee bedoel ek goddelike desperaatheid.

Hanna het daardie aand na die tabernakel gegaan en gebid; “O HERE, Almagtige, as U tog net my verdriet wil raaksien en my gebed verhoor en vir my ’n seun gee”. Sy was ernstig en direk. Sy was spesifiek. Ek glo Hanna het iets soos die volgende vir die Here gesê: “God al wat ek nodig het is ŉ seun en U gaan dit nog vanaand vir my gee. Genoeg is genoeg!”

Ek hoop dat jy iets uit Hanna se gebed geleer het. Sy het begin deur die almag van God te herbevestig. Alhoewel sy besig was om deur ŉ verskriklike situasie te gaan, was God nog steeds die Almagtige. Alhoewel sy in diep angs en pyn was, en bitterlik gehuil het, was God nog steeds die Almagtige. Hy bly almagtig, alomteenwoordig en die Allerhoogste. Ons probleme moet nie ons siening van God se almag, sorg, liefde, genade, en soewereiniteit verduister nie.

Hy bly God en sal altyd in beheer wees. Geen situasie kan Hom verander nie. Hanna het gesê: “O HERE, Almagtige.” Onthou dan ook, wanneer jy in middernag gebed ingaan, gaan met spesifieke gebede (tensy jy ŉ ander gebed rhema langs die pad ontvang het). God wil hê ons moet spesifiek en georganiseerd wees.

Na daardie aand se ontmoeting met God by die tabernakel, en die profetiese woord van die Priester Eli, was Hanna bly en het begin om weer gesond te eet. Sy het nie nodig gehad dat enige iemand bevestig dat haar gebed beantwoord was nie. Een van die dinge wat jy sal agterkom ná ŉ middernag ontmoeting met God is dat jou laste sal lig. Jy sal die volgende dag vol vertroue en vol van God se teenwoordigheid binnegaan. Dit was waarom ek vroeër gesê het dat ŉ middernag kampioen onoorwinlik is. Dit bou hoop en vermoë om vir God se beloftes en tydsberekening te wag.

Hanna het op die regte tyd geboorte aan ŉ seun geskenk. Nie ŉ gewone seun nie, maar een van die wonderlikste profete wat ooit geleef het. God het ook ander seuns en dogters vir haar gegee. Groot verwagtinge sal deur middel van middernag gebede plaasvind. God het vir Hanna geseën. En in plaas van smart, pyn, en bespotting, het Hy ŉ nuwe lied in haar hart geplaas. Ek sien hoe God vandag ŉ nuwe lied in jou hart sal plaas soos jy in middernag gevegte ingaan. In 1 Samuel 2:1-2 het Hanna gesing:

> “My hart is bly in die HERE!
> Kyk hoe het die HERE my geseën!
> Nou kan ek my vyande antwoord
> terwyl ek my verbly oor U verlossing.
> Niemand is heilig soos die HERE nie!
> Niemand is U gelyke nie;

daar is geen Rots soos ons God nie."

# Hoofstuk 3
# Paulus en Silas

Middernag gebed is die sekerste terrein waar sataniese bindinge en beperkings verbreek kan word. Dit maak nie saak hoe sterk en moeilik die jukke is om te verbreek nie, hulle kan nie aanhoudende en langdurige middernag gebed weerstaan nie. Die duiwel weet dit baie goed en dit is hoekom hy alles sal doen om jou te ontmoedig om in die middel van die nag te bid. Middernag is soos ŉ geestelike hoofweg en soos ek al genoem het, die meeste van die dinge wat met ons gebeur word in ons lewe in geprogrammeer gedurende hierdie tyd. So, wanneer jy ook opstaan en veg gedurende hierdie tyd, neem jy deel in die besluite van wat met jou lewe gebeur.

Daar is so baie mense wat met sataniese bindinge leef vandag. Daar is so baie individue, gesinne, en groepe wat onwetend sukkel met sataniese jukke. Daar is miljoene mense wat rondloop met geestelike gebonde hande en bene met kettings van kragtige sataniese magte. Ek weet dit sal vreemd klink vir sommige mense, maar dit is ŉ feit. Dit is ŉ geestelike saak. Jy kan net bewus wees hiervan as die Gees van God kies om jou te wys.

Ek het onlangs ŉ vrou wat ek al vir meer as 34 jaar ken in ŉ openbaring gesien, gebind met kettings – haar hande en bene. Ek was geskok. Indien ek nie seker was dat die visie van God afkomstig was nie en dat ek persoonlik deur dieselfde ervaring gegaan het nie, sou ek dit betwyfel het. Wat sedert in die lewe van die vrou plaasgevind het is ook ŉ bevestiging van daardie openbaring. Sy het nog nie deurbraak ervaar vandat ek haar ken nie.

Wanneer jy meerjarige probleme in jou lewe of in jou familie beleef; jaar na jaar staan jy voor dieselfde soort probleme, of jy voel dat jy verhinder word om sekere perke in die lewe te oorkom, dan is dit raadsaam om te bid en die Here te vra om jou te wys wat die bron van jou probleme is. In die meeste gevalle is dit die werk van Satan en die agente van sy donker koninkryk.

In Afrika, en ook in sommige ander dele van die wêreld, is dit nie vreemd om te hoor dat agente van duisternis bestemmings, vrugbaarheid, vooruitgang, of selfs mense se gesondheid in die geesteryk vasketting nie. Slagoffers van sulke sataniese manipulasie sal regdeur hulle lewens sukkel.

Hulle sal alles menslik moontlik doen om deurbraak in hierdie lewe te hê, maar hulle sal nooit slaag nie. Sommiges sal selfs geprogrammeer word om nie te trou of kinders te hê nie, of self om miskrame te hê. Al hierdie gebeur. Ons sien dit nie net in die lewens van ongelowiges nie, maar ongelukkig ook by gelowiges. En ek glo dit gebeur omdat die kerk van vandag nie in die volheid van die krag van God lewe nie.

Ons gaan kerk toe en het gemeganiseerde dienste sonder Sy salwing. Onthou, die woord van God sê dat die salwing (die teenwoordigheid van God) elke juk verbreek. Maar het die kerk van vandag die salwing? Ongelukkig is die kerk vandag vas aan die slaap en onthou dat Jesus gesê het dat **die vyand kom om onkruid te saai terwyl jy slaap**.

Middernag gebed is een van die maniere wat God sal gebruik om die krag en salwing terug te gee aan die kerk en ook aan individuele Christene. En wanneer hierdie krag kom, sal dit elke juk, elke ketting, en elke sataniese vesting verbreek. Kom ons kyk in die Bybel waar en hoe die kettings van die vyand verbreek is deur middernag gebed.

**“Hulle het baie houe gekry, en toe is hulle in die tronk gegooi. Die tronkbewaarder het opdrag gekry om seker te maak dat hulle nie ontsnap nie. In reaksie op hierdie bevel het die tronkbewaarder hulle in die binneste sel gegooi en hulle voete in houtblokke vasgeklem. Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister. Skielik kom daar ’n groot aardbewing sodat die fondamente van die tronk geskud het. Al die tronkdeure het oopgevlieg en al die gevangenes se kettings het losgekom!”**

**Handelinge 16:23-26**

Jy ken seker die bogenoemde storie. Paulus en Silas het ŉ verlossingsbediening in Filippi gedoen wat hulle in die moeilikheid laat beland het. Hulle was geslaan, gebind met kettings, en is in die binneste put van die gevangenis gegooi. Hulle was in ŉ ondergrondse tronksel. Dit is wat hoofsaaklik in daardie dae gebruik is. Die tronkbewaarder het ook opdrag gekry om seker te maak dat hierdie manne van God nie ontsnap het nie. Dit is presies wat Satan en sy agente aan mense in hul ballingskap doen. Hulle mors met hul slagoffers en hou hulle as gyselaars. Soos ek vroeër gesê het, daar is baie mense wat met sataniese kettings gebind is vandag. Miljoene regoor die wêreld!

Hierdie mense beweeg rond soos normale mense, maar wanneer jy hulle in die gees sien is hulle gebind met voetboeie. Dit word gewoonlik gedoen deur toordery en ander demoniese manipulasies. Die slagoffers van hierdie soort sataniese invloed sal hul lewens lei sonder enige betekenisvolle sukses, tensy daardie voetboeie verbreek word. Sommiges se bestemmings sal deur die vyande toegesluit word. Hulle sal mooi drome hê en hard werk, maar hulle sal dit nooit bereik nie.

Ander se besighede, baarmoeders of huwelike sal nou weer toegesluit word. Ons het ook al gevalle gesien waar projekte (soos geboue) deur middel van hierdie soort manipulasies gestop was. Hulle sal eenvoudig ŉ persoon se bron van inkomste kreupel of hulle aanval met ŉ ongeneeslike siekte, en dit sal die einde van die projek wees.

Daar is ander wat reeds gebruik is vir geld rituele, offers ens. Alhoewel hulle nog lewe, sal hulle as swaksinniges vir al die dae van hul lewe leef. Ander word gemanipuleer om sondige gewoontes aan te neem soos om te drink, steel, dobbel, hulself te prostitueer, dobbel ens., en sal uiteindelik vernietig word. Ons sien ook mense wat deur demoniese geeste gebind word byvoorbeeld mariene geeste, voorvaderlike geeste, territoriale geeste, gewelddadige geeste ens. Ons sien selfs ŉ paar in die Bybel.

Sommige van hierdie dinge mag dalk vreemd klink, maar dit is baie waar! Daar is geen beperking op die bedrywighede en ongeregtigheid van die koninkryk van duisternis nie. En elke omgewing het sy eie eienaardige situasies. Ons het op ŉ stadium ŉ geval gehad waar ŉ dame van Afrika in haar laat dertigs met ŉ baie sterk demoniese entiteit getrou het wat haar al die pad uit Indië besoek het. Ek het hierdie dame persoonlik bedien.

Hierdie demoniese entiteit het met ŉ onsigbare vliegtuig gekom wat slegs hierdie vrou kon sien. Onmiddellik as die vliegtuig geland het, sou ŉ wit man daaruit kom om by haar te bly. Daarna sou dit teruggaan vanwaar dit gekom het. Dit het dit onmoontlik gemaak vir hierdie pragtige dame om te trou of selfs om skool toe te gaan. Stel jou voor, op daardie ouderdom kon sy nie basiese rekenkundige of grammatika snap nie. Sy het ook aan geheueverlies gelei. Dit was haar situasie totdat daardie juk verbreek was.

Ons sien gereeld hierdie gevalle in verlossing sessies. Die bedrywighede van die koninkryk van duisternis is so groot en vreeslik dat jy soms gevalle sal teëkom wat moeilik is om te verstaan. Sommige mense is deur Satan vasgeketting en demone is aangesê om oor hulle te waak net soos met die tronkbewaarder beveel is met Paulus en Silas. Enige demoniese entiteit wat beveel is om oor jou te waak sal van vandag af verblind wees, in Jesus se naam!

ŉ Mens kan in die kerk wees en nog steeds ŉ slagoffer van sataniese voetboeie wees. Wanneer jy in sonde leef, tree jy in sataniese bindinge in. Voorvaderlike skakels of bose pyle kan ook na dit lei. (**Lees meer hieroor in my boek Breek Familievloeke: Eis Jou Vryheid**) Waar jy ook al inpas, God het belowe om die kettings te verbreek en jou vry te maak. In Jesaja 61:1 sê Hy:

**"… om vir die gevangenes vryheid aan te kondig, en vrylating vir dié in die tronk."**

Hy het ook dieselfde gesê in Jesaja 49:24-25:

**"Kan die buit van 'n soldaat uit sy hande gesteel word, of 'n gevangene uit die bewaking van 'n betroubare persoon? So sê die HERE: 'Die gevangene gaan bevry word en die buit gaan afgeneem word.'"**

Prys die Here! As die bogenoemde jou situasie beskryf, dan is dit tyd om in die middernag wakker te word en vir jou bestemming te veg. Dit is ŉ baie ernstige saak. Jy moet dit met geweld doen.

En jy moet nie ophou totdat die kettings van die vyand gebreek is en jy al jou seëninge teruggewen het nie. Doen dit nou!

Paulus en Silas het in die middernag opgestaan, tot God gebid en gesing, en wat was die uitslag? Daar was ꞌn aardbewing en die kettings om hul hande en voete was verpletter. Hulle het afgeval! Ek het nog geen groter krag as dié van lof en gebed in die middernag gesien nie. Geen ketting van die vyand kan dit weerstaan nie. Dit is waar. Die tronk deure was oopgedwing. Jy kan dit probeer. Prys die Here vir ure aaneen elke aand en sien hoe jou lewe sal verander. Jy sal onmiddellik ꞌn bonatuurlike wese word.

Ek het al reeds genoeg kommentaar oor hierdie ‘tweeling geestelike dinamo’s gemaak in hierdie boek en in ander. Jy sal nog oor baie skokkende openbarings, deur voormalige okkulte meesters, en die gevolge daarvan in die geestesryk lees.

Dit is nie net individue wat deur sataniese kettings gebind kan word nie. Gesinne, dorpe, stede, lande, en selfs kerke kan ook gebind word. Die primêre doel van die donker koninkryk is om mense weg van die lig van die evangelie te hou, om hulle van God se seëninge te ontken, en om permanente beheer oor hulle te hê. Ons het ook vroeër gesê dat die duiwel nie wil hê dat die mens ꞌn goeie verhouding met God moet hê nie. En dat hy weet wat die voordeel van hierdie verhouding is, want hy het dit eens op ꞌn tyd geniet. Hy is jaloers op die posisie van die mens in God se program. Hy haat die mens en sal gevolglik alles moontlik doen om hom in ewigdurende slawerny te hou.

Op die familie vlak is daar baie mense wie in verskriklike slawerny leef. Sommige is slawe van siekte, mislukking, en armoede. Ander het sondige gewoontes. Sommiges ly as gevolg van die aanvalle of bose pyle wat in hul gesinne in geskiet is deur agente van die donker koninkryk. Ek ken ꞌn familie waar drie van hulle kranksinnig is. Ander gesinne het sataniese jukke op hulself geplaas deur hul eie aksies, naamlik aanbidding en offers aan demoniese geeste. Sommiges het selfs altare vir hierdie valse gode in hul huise. Sommige ouers het ook hulle kinders toegewy of bekendgestel aan die aanbidding van demone. Al hierdie trek kettings en slawerny aan.

As jou ouers of voorouers afgode of duiwels gedien het of enige vorm van okkultisme beoefen het, dan is daar ꞌn dringende behoefte vir jou om ꞌn bevrydingsproses te ondergaan, sodat die sataniese kettings oor jou lewe gebreek kan word. Jy kan nie die duiwel dien sonder dat hy jou gevange sal hou met sy voetboeie nie. Deur aanhoudende middernag gebed kan jy weet dat sataniese jukke en verbonde in die gesin verbreek kan word.

Daar is ook stede, dorpe, en lande wat met sataniese kettings gebind is en wat in die vyand se tronke aangehou word. Jy kan dit sien deur hoe mense leef, wat hulle aanbid of deur die dinge wat in daardie omgewing gebeur. Daar is plekke waarheen jy gaan waar jy dadelik die demoniese geeste wat in werking is kan onderskei. Ander aanbid verskillende demoniese territoriale geeste en owerhede.

***Ek weet van ꞌn dorp in die oostelike deel van Nigerië wat ꞌn demoon dien wat in ꞌn meer woon. Wanneer dit tyd is om ꞌn offer aan hierdie demoon te maak, sal die hoofpriester ꞌn lewendige bok na die meer neem. Daar sal die man die dier naby aan die oewer van die meer neem, terwyl hy die tou om die bok se nek vashou.***

***Dan sal hy ꞌn paar inkantasies doen en dan kom daar dadelik ꞌn visagtige wese uit die water en begin nader aan die bok beweeg. Sodra dit by die bok kop, kap dit die bok se kop af en swem terug daarmee. Dan sal die dienaars begin om te juig dat die afgod hul offer aanvaar het. Hulle sal terugkeer huis toe om fees te hou met die oorblywende vleis; wat hulle sal kook en eet.***

Ander mense aanbid afgode wat in die woude, in die bome, in die berge, ensovoorts woon. Ek weet van sommige dorpe wat nog slange, ape, krokodille, en luislange aanbid. Hierdie reptiele kom in hul kamers in en bly daar. Hulle word altyd as spesiale gaste beskou. Hulle kan op jou bed lê of selfs net in jou kombuis hang en na jou staar. Hulle mag nie seergemaak, berispe of doodgemaak word nie. Gaan na die Idenmili gebied van die Anambra Staat en jy sal dit sien gebeur.

Daar is ook territoriale geeste wat in mense woon, veral in sielsiek mense. Al hierdie geeste hou hierdie plekke en mense in slawerny. Hulle hou hierdie gebiede in kettings en totdat hulle uitgedaag

en verdryf word, sal die inwoners van hierdie plekke met die juk van die vyand sukkel. (Ons sien dit in Markus hoofstuk vyf).

Sommige van hierdie geeste verhinder ontwikkeling, vooruitgang, en selfs die evangelie. Die oplossing is om hierdie demoniese magte met middernag gevegte aan te vat. Soms sal hulle jou weerstaan en jou selfs dreig. In sommige gevalle sal dit baie aande neem. Maar as jy jou man staan en voortduur, sal hulle uiteindelik buig en gedwing word om te vertrek. Maar jy moet bereid en vasbeslote wees. Die Bybel sê die volgende in Efesiërs 6:10-12:

**“Vind krag in julle verbondenheid aan die HERE, ja, in die krag van Sý sterkte! Om staande te bly teen die listigheid van die duiwel moet julle God se gevegstoerusting aantrek.**

**“Want ons stryd is nie teen mense nie, maar teen bose regeerders en maghebbers, teen die geeste wat heerskappy in hierdie donker wêreld uitoefen, teen die bose geeste in die hemelruimtes.”**

Ek hoop hierdie boodskap is baie duidelik? Die vyande waarteen ons baklei is ŉ gedugte en hoogs georganiseerde mag. So jy moet weet waar jy staan met God en die dinamika van die oorlog voor jy dit binnetree. Ons sal later meer inligting gee oor hoe om voor te berei vir hierdie gevegte.

Kerke en bedienings kan ook deur sataniese kettings gebind word. Dit mag dalk vreemd klink, maar dit is waar. Demoniese magte kan ŉ kerk terug hou wat nie in die volheid van die krag en die gees van God beweeg nie. En dit is baie maklik om sulke kerke te identifiseer. Die simptome is: ŉ gebrek aan heiligheid, ŉ gebrek aan ontwikkeling (fisies en geestelik), en ŉ vinnige afname in lidmaatskap, stagnasie, konstante twis en haat onder die lede en selfs onder die predikante. Al die bogenoemde vind in ŉ paar van ons kerke vandag plaas. Dit word deur magte van die duisternis veroorsaak; om seker te maak dat die geaffekteerde kerke nie God se program vir hulle vervul nie.

Die duiwel weet baie goed dat ŉ verenigde kerk die kanaal is waardeur God Sy wil wil versprei, verlore siele red, Sy krag vertoon, en uiteindelik die vyand verneder. So sal hy alles doen om te keer dat die kerk uitbrei en dat dit ook in permanente verwarring gehou word.

Ek het eens ŉ kerk in die olieryke stad van Port Harcourt, Nigerië bedien. Die kerk het vir 13 jaar bestaan voordat ons daar aangekom het. Hulle gebou, wat nie te groot was nie, was nog nie voltooi nie. Daar was geen deure, vensters of ŉ plafon in die kerk nie. Die lidmaatskap was besig om vinnig af te neem. Daar was slegs ŉ paar vriende van dieselfde stam wat aanhoudend na die kerk toe gekom het. Die krag van God was nie daar nie en baie min mense het vooruitgegaan in die kerk. En nie net dit nie, maar die lede en predikante het in onsedelikheid geleef en heksery beoefen, selfs in die kerk.

Ek onthou een keer toe ons gebed span ŉ nagwaak gehou het en ek skielik aangekondig het dat iemand in ons midde (ŉ jong man) okkultisme beoefen het en toorgoed na die plek toe gebring het, maar nog steeds saam met ons kom bid het. En dadelik het die senior pastoor my onderbreek en my herinner dat hy nog in beheer was. Hy het dieselfde lewe as die jong man geleef – in onsedelikheid en heksery.

Maande later was dieselfde man beskuldig van verskeie onsedelike dade en nog erger; hy het beplan om my te vergiftig omdat ek hulle duiwelse en onsedelike aktiwiteite ontbloot het in die sogenaamde huis van God. Maar God se krag, teenwoordigheid, en genade was met my. Dit het hulle weggehou. Trouens, die man het die gif verkry, maar die Gees van God het vir my gewys dat hy bang was om dit te gebruik. Ja, Hy beskerm die wie Hom vrees!

Jy het nie nodig dat ŉ profeet vir jou vertel dat dit heeltemal ŉ dooie kerk was nie. Dit was ŉ kerk met ŉ pragtige naam, maar was gebind deur die magte van die duisternis. Toe ons daar aangekom het, het God ons gelei om ŉ gebed- en bevrydingspan te vorm. (Dit is noodsaaklik vir elke kerk om ŉ staande en gedugte gebed- en bevrydingspan te hê). Ons het begin om elke aand bidure te hou in daardie plek. Soms het ons deur die dag gevas en dan kerk toe gegaan om deur die nag te bid. En hiermee bedoel ek ware voorbidding. Ons het dit vir ŉ paar maande gedoen.

Wat was die resultaat? Die krag van God het in die kerk ingekom. Die kettings en jukke van Satan was van die plek afgebreek. Die magte van duisternis was weggejaag, maar nie sonder heftige

weerstand nie. Maar God het oorwin. Wonderwerke, tekens, wondere, en kragtige verlossings het begin plaasvind in daardie plek.

Gevolglik het die lidmaatskap vinnig begin groei. Die eens dooie kerk het herlewing beleef. Die gebou was voltooi en die lede het geweldige voorspoed ervaar. Die lede was ook meer toegewy aan God. Dit is wat middernag gebede kan doen. Trouens, ons het dieselfde programme by ander kerke toegepas en het dieselfde resultate gekry. Die heerlikheid, krag, en seëninge van God sal kom wanneer die kerk leer hoe om die krag van middernag gebede te ontgin.

Kom ons gaan terug na Paulus en Silas toe. Hulle was vreeslik geslaan en in daardie gevreesde ondergrondse sel gegooi. Die Bybel sê dat omstreeks middernag het hulle begin om te bid en tot eer van God te sing. Dit was ongewoon! Mense wat erg geslaan was met houtstokke het besluit om liedere en lof te sing, in plaas daarvan om hul wonde en pyn te koester. **Wanneer ons God op ŉ ongewone manier dien, in ŉ ongewone omgewing, sal Hy begin om ongewone dinge te doen ter wille van ons.** Dit is waar!

Ek glo dat dit slegs iemand wie met die Heilige Gees gevul is en wie heeltemal uitverkoop aan God is wat in so ŉ ondraaglike, vernederende, hartverskeurende, en uiterste situasie vir God kan sing en loof.

Wat doen jy wanneer die vyand jou aanval? Huil jy en blameer almal, God ingesluit? Of kniel jy voor die vyand en kyk vir ŉ manier om te ontsnap; selfs al beteken dit om jou geloof te ontken? Ons moet vir God vra om ons ŉ gees van moed en geloof te gee, selfs in die aangesig van lewensgevaarlike situasies. Die Bybel sê dat God nie vir ons ŉ gees van lafhartigheid gegee het nie, maar van krag.

My volgende vraag is dan, waarom sou hierdie manne van God tot middernag wag om te doen wat hulle gedoen het? Ek glo hulle moes iets geweet het oor die krag van middernag gebede. Hulle moes geweet het dat die beste tyd om die groot gevegte van die lewe te veg om middernag is en dit is ook moontlik dat hulle dit voorheen ervaar het. Alles gesê en gedaan, die apostels het darem gehou by wat hulle by hul Meester, Jesus, geleer het. Hy was ook bedrywig in die middernag ure.

Die twee manne het gesing en gebid. En dit is die twee belangrikste ondernemings tydens middernag gevegte. Ons sal hulle een vir een ondersoek. Die eerste een is gebed.

# Hoofstuk 4
# Gebed

**G**ebed is om met God te kommunikeer. Dit is om jou versoeke aan God bekend te maak en om antwoorde van Hom te ontvang. Dit is ŉ twee-rigting kommunikasie tussen mens en God. God moedig ons in verskeie plekke in die Bybel aan om gemeenskap met Hom te hê of tot Hom te bid. Trouens, die woord van God sê dat ons nie ontvang het nie, want ons het nie gevra nie. Jesus self het gesê:

**"En so sê Ek vir julle, hou aan vra, en vir julle sal gegee word wat julle vra. Hou aan soek, en julle sal vind. Hou aan klop, en die deur sal oopgemaak word. Want enigeen wat vra, ontvang. Enigeen wat soek, vind. En die deur word oopgemaak vir enigeen wat klop."**

**Lukas 11:9-10**

En dit is presies wat ons doen in middernag gebede. Dit is ŉ tyd om gemeenskap te hê, verband te hou, en met God te kommunikeer. Dit is ŉ tyd om te vra, soek, klop, en ons versoeke aan Hom bekend te maak. Ek sien middernag gebed as ŉ tyd om driftig en gewelddadig aan die deure van die hemel te klop. En ons sien hier bo waar Jesus sê dat die deur vir jou oopgemaak sal word wanneer jy klop. Dus, as jy al gevra en gesoek het, en jy het nog steeds nie jou deurbraak ontvang nie, moet jy nou begin klop.

Ons laat die wil van God op die aarde geskied wanneer ons bid. Ons breek die jukke, kettings, en slawerny in ons lewe en rondom ons deur gebede. Ons staan in die gaping vir ander deur gebed. En ons trek siele in die koninkryk van God in deur gebed. Ons moet in middernag gebede intree met al hierdie in gedagte. Deur te bid erken ons dat ons, as mense, beperk is, maar God bly oneindig en almagtig. Hy kan alles doen.

**Abraham Lincoln**, die voormalige Amerikaanse president het dit baie goed verstaan toe hy gesê het:

**"Ek word dikwels na my knieë toe gedryf deur die oorweldigende oortuiging dat ek nêrens anders het om heen te gaan nie."** (Losweg vertaal)

Dit is so waar! Hy het geweet dat hy net by God hulp kon vind in ŉ tyd van nood. Dank die Here vir sulke mense. Amerika is geseënd dat hulle sulke goddelike mans as leiers gehad het. Dit is die mense wat die stewige fondament gelê het vir die mees welvarende en magtigste nasie vandag. Ek bid dat hulle hierdie fondament behou. (Lees my onlangse artikel, ***In God We Trust?*** (Vertrou Ons Op God?), op www.ezinearticles.com/gabrielagbo)

Daar is talle wonderlike mans en vroue in die Bybel wie van God se verlossing geweet het, dit gesoek en ontvang het in hul tyd van nood deur gebed. Kyk net na Samuel, Josafat, Ester, Dawid, Moses, Josua, Elia, en Daniël. Maar kom ons fokus op ŉ paar van die kragtigste mense. In 1 Samuel 12:16-18 sê die Bybel:

**Samuel**

"'Staan 'n bietjie stil en aanskou die groot ding wat die HERE gaan laat gebeur. **Julle weet dit reën nie hierdie tyd van die jaar wanneer die koring geoes word nie. Ek sal die HERE vra om vandag donderweer en reën te stuur.** Dan sal julle besef dat julle gesondig het deur vir die HERE 'n koning te vra!' Toe roep Samuel die HERE aan en die HERE het donderweer en reën gestuur. Almal was met ontsag gevul vir die HERE en vir Samuel."

**Josafat en Juda in gevaar**

"Hierna het die Moabiete, Ammoniete en sommige van die Meüniete oorlog teen Josafat verklaar. Boodskappers het gekom en vir Josafat vertel: ''n Groot leër van Edom trek op teen u van anderkant die Dooie See. Hulle is alreeds by Gaseson-Tamar, dit is En-Gedi.' **Josafat was baie ontsteld oor hierdie nuus en het vir die HERE raad gevra.** Hy het ook beveel dat elkeen in Juda

moet vas. Die mense het van al die dorpe in Juda na Jerusalem toe gekom om die HERE se hulp te soek."

2 Kronieke 20:1-4

**Ester**

"Ester het hom geantwoord: 'Gaan maak al die Jode wat jy in Susan kan kry bymekaar. Vas ter wille van my. Vir drie dae lank moet julle dag en nag niks eet of drink nie. Ek en my diensmeisies sal net so vas. Al is dit in stryd met die voorskrif sal ek na die koning toe gaan. **As ek dan daarvoor moet sterf, moet ek maar sterf.**"

Ester 4:15-16

**Josua**

"Op die dag dat die HERE vir Israel oorwinning gegee het oor die Amoriete, het Josua die HERE om hulp gevra. Voor almal het hy by die HERE gebid: **'Laat die son tog stilstaan bo Gibeon. Laat die maan stilstaan oor die Ajalonlaagte!'** Die son het gaan stilstaan. Die maan het net daar bly hang totdat Israel sy vyande uitgewis het. Dit is soos dit opgeteken staan in Die boek van die Opregte. Die son het halfpad in die lug vasgesteek. Hy was nie haastig om op sy gewone tyd onder te gaan nie. **So 'n dag was daar nog nooit voorheen en nooit daarna nie. Die HERE het geluister na wat 'n mens vir Hom vra!**"

Josua 10:12-14

Al hierdie mense het iets in gemeen gehad. Hulle het geweet watter krag gebed dra, en hulle het dit gesoek ten tyde van uiterste moeilikheid en God het hulle gebede verhoor. Hulle het die verloop van die natuur verander, die son en die maan gestop, reën afgeroep in droë seisoene, die bekke van leeus toegemaak, hulle vyande versteur, en dood ontsnap deur gebede. Mense soos Henog en Elia het feitlik geweier om te sterf. My God!

Daar is niks wat onmoontlik is vir ŉ mens wie bid nie. Gebed is ook om te alle tye te erken dat God jou bron is. Hy moet in die klein sowel as die belangrike kwessies geraadpleeg word. Hy wil gemeenskap met ons hê, verband hou en ons vennoot wees in alle sake.

Geloof is ook baie belangrik vir gebed. Jy kan nie enigiets in gebed bereik sonder geloof nie, veral middernag gebed. Jy moet glo dat God bestaan. Jy moet glo dat Hy alles kan doen. Jy moet glo dat Hy lief is vir jou en bereid is om jou gebede te beantwoord. Jy moet geloof in Sy beloftes en woorde hê. En die Bybel sê dat geloof volg uit die aanhoor van die woord van God. En dit neem ons na die rol van God se woord in doeltreffende gebed.

**Woord van God**

Vir ons gebede om doeltreffend te wees moet ons God se woorde bid. Om God se woord te bid is om te weet wat God se woorde en beloftes is, en om dit dan as ŉ offergawe aan God te bring. Om dit te doen moet ons Sy woord lees, oordink, en op ons lewe en behoeftes toepas. Die krag en heerlikheid van God kom wanneer ons Sy woorde waardeer en verpersoonlik. Die woord van God is die wil en gedagtes van God. En Hy doen niks buite Sy wil nie:

**"Dit is die vrymoedigheid wat ons voor God het, dat wat ons ook al volgens sy wil vra, Hy na ons luister."**

**1 Johannes 5:14**

Nou, hoe kan ons weet wat Sy wil is? Deur Sy geskrewe woord – die Bybel – en deur Sy geopenbaarde woord – rhema (dit sluit profetiese woorde, visioene, en drome in). Kom ons kyk na ŉ paar voorbeelde in die Bybel van diegene wat die woord van God gebid het en maksimum resultate bereik het.

**Josafat het die woord gebid**

Toe Juda gekonfronteer was met die gevaar van ŉ dreigende aanval deur vyandige nasies, het koning Josafat die woord van God gebid. Hy het die beloftes van God aan hulle voorvaders gebid en God het vinnig tot hul redding gekom.

“Josafat het opgestaan in die vergadering van die mense van Juda en Jerusalem voor die nuwe voorhof in die tempel van die HERE. Hy het gebid: ‘HERE, God van ons voorouers, is U nie die God wat in die hemel is nie? U is die Heerser oor al die koninkryke op die aarde. U is kragtig en magtig. Niemand kan teen U staande bly nie. Ons God, het U nie die inwoners van hierdie land voor U volk Israel uitgedryf nie? **Het U nie die land vir altyd aan die nageslag van U vriend Abraham gegee nie?** U volk het hier kom woon en hierdie tempel vir U gebou. Hulle het gesê: ‘As ons bedreig word met rampspoed soos oorlog, siekte of hongersnood, sal ons kom staan in U teenwoordigheid voor hierdie tempel waar U Naam vereer word. Ons sal tot U roep uit ons ellende, en U sal ons hoor en ons verlos.’”

2 Kronieke 20:5-9

Wonderlik! Josafat het die woord van God geken en het dit net eenvoudig vir God teruggegee. Dit is nie dat God Sy woorde en beloftes vergeet het nie. Maar Hy wil altyd hê ons moet ons geloof bevestig in Sy woorde en in Sy wil wandel. Josafat het God aan Sy beloftes aan Abraham en ook aan koning Saloma gedurende die inwyding van die tempel herinner. Kom ons kyk daarna:

**Beloftes aan Abraham**

“Toe die son ondergegaan het en dit donker was, het Abram ’n rokende oond en ’n brandende fakkel gesien wat tussendeur die halwe karkasse beweeg het. So het die HERE daardie dag ’n verbond met Abram gemaak en gesê: ‘Ek het hierdie land vir jou nageslag gegee, vanaf die Egiptespruit tot by die groot Eufraatrivier. Dit sluit in die land van die Keniete, die Kenissiete, die Kadmoniete, die Hetiete, die Feresiete, die Refaïete, die Amoriete, die Kanaäniete, die Girgasiete en die Jebusiete.’”

Genesis 15:17-21

**Beloftes aan Salomo**

“So het Salomo die tempel van die HERE, asook die koninklike paleis, voltooi. Hy het alles wat hy beplan het om te doen, suksesvol afgehandel. Een nag het die HERE aan Salomo verskyn en gesê:

“‘Ek het jou gebed verhoor en het hierdie tempel vir Myself gekies as die plek waar daar offers vir My gebring moet word. Soms sal Ek die hemele toesluit sodat daar geen reën val nie, of Ek kan bepaal dat sprinkane julle oeste opvreet, of Ek kan dalk plae onder julle stuur. Wanneer die volk wat My Naam dra, hulle verootmoedig en bid, en My weer soek en hulle afkeer van hulle bose lewens, sal Ek in die hemel hoor en hulle sondes vergewe en hulle land gesond maak. Ek sal ’n oog hou oor hierdie plek en luister na elke gebed wat hier opgestuur word, want Ek het hierdie tempel gekies en dit afgesonder om vir altyd My woning te wees. My oë en My hart sal altyd daar wees.’”

2 Kronieke 7:11-16 (sien ook 1 Konings 9:3)

Josafat het al hierdie beloftes geken en het hulle dadelik vir God teruggegee in die tyd van nood. En omdat God nie Sy woorde kan ontken nie het Hy dadelik gereageer en Juda uit die dreigende gevaar gered. Hy het die stryd oorgeneem, die drie nasies het onder hulself geveg en Israel het oorwin. Prys die Here!

**Daniël het die woord gebid**

Nog ŉ goeie voorbeeld hiervan is Daniël. Hy het die woord van God geken en gebid vir die verlossing van die kinders van Israel uit Babiloniese ballingskap, en hy het vinnig die aandag van die hemel gekry:

“Dit was in die eerste regeringsjaar van Ahasveros se seun Darius. Hy was ’n Mediër. Hy het oor die Babiloniërs regeer. Tydens die eerste jaar van sy koningskap het ek, Daniël, die Skrifte van wat die HERE vir die profeet Jeremia gesê het, nagegaan oor die tydperk wat Jerusalem vervalle sou lê. Dit sou 70 jaar wees. Ek het toe voor God die HERE gekom en gevas en gebid. Ek het sakke aangetrek en as oor my gestrooi.”

Daniël 9:1-3

Daniël en die kinders van Israel was na Babilon weggevoer in ballingskap. Daar lees Daniël die skrif van Jeremia en verstaan dat dit tyd was vir Israel se ballingskap om te eindig. Dit was

veronderstel om net vir 70 jaar aan te hou. Hy het begin om daardie goddelike belofte te bid en het gevolglik gunstige resultate ontvang.

Kom ons kyk na die beloftes wat Daniël gebid het:

"So sê die HERE: '**Julle sal 70 jaar lank in Babel wees**. Maar as die tyd verstryk het, sal Ek al die goeie beloftes begin vervul. Ek sal julle na julle land toe terugbring. Ek weet wat Ek vir julle beplan het,' sê die HERE. 'Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê. Julle sal na My roep en bid, en Ek sal na julle luister. As julle heelhartig na My soek, sal julle My vind. Julle sal My toeganklik vind,' sê die HERE. '**Ek sal julle uit gevangenskap laat terugkeer. Ek sal julle versamel tussen al die nasies waar julle nou is en uit al die plekke waarheen Ek julle verban het,' sê die HERE. 'Ek sal julle weer terugbring na die plekke waarvandaan Ek julle in ballingskap laat gaan het**.'"

Jeremia 29:10-14

As jy nie die woord en beloftes van God vir jou lewe ken nie, sal jy te lank in ballingskap bly. Jy moet streef om te weet wat die woord van God oor jou, jou familie, jou land, en die kerk sê. Jy moet weet wat die woord van God oor jou gesondheid, jou finansies, jou kinders, en jou huwelik sê. Bid dan daardie beloftes oor dit as jy die gewenste resultate wil kry.

**Jesus het die woord gebid en uitgevoer**

Jesus het ook hierdie beginsel verstaan en dit is hoekom Hy gesê het dat Hy niks doen behalwe wat Hy van bo af gewys is om te doen nie. Hy wou altyd hê dat die wil van Sy Vader gedoen moes word. Trouens, op 'n stadium het Hy gesê dat Hy gegaan het (opgetree het) op grond van wat van Hom geskryf was. Dit beteken dat alles omtrent Hom in die hemel neergeskryf is. Hy moes net die goddelike draaiboek volg. Geen wonder dat Hy altyd die maksimum resultaat van Sy gebede gekry het nie. Wanneer ons God se woord ken en bid sal alles vir ons moontlik word.

Kom ons kyk ook kortliks na wat 'n paar van die veterane van die gebedsbeweging oor hierdie te sê het:

**R.A. Torrey** het in ***How to pray*** (Hoe om te bid) geskryf:

***"'n Blote intellektuele studie van die woord van God is nie genoeg nie; dit moet oordink word. Die woord van God moet oor en oor in die gedagtes oordink word met 'n konstante soeking na God en Sy Gees om daardie woord 'n lewende ding in die hart te maak. Die gebed wat uit oordenking van die woord van God gebore word, is die gebed wat opwaarts styg na God se luisterende oor toe.***

***"Die woord van God is die instrument waardeur die Heilige Gees werk. Dit is die Swaard van die Gees in meer as een opsig. Die persoon wie meer oor die werk van die Heilige Gees in enige rigting wil weet moet op die woord voed. Die persoon wie begeer om in die Gees te bid moet die Woord oordink, sodat die Heilige Gees iets kan hê waardeur Hy kan werk. Die Heilige Gees werk Sy gebede in ons deur die woord. Verwaarlosing van die woord maak dit onmoontlik om in die Heilige Gees te bid. As ons die vuur van ons gebede met die brandstof van God se woorde voed sal al ons probleme in gebed verdwyn." (Losweg vertaal)***

**E.M. Bounds** het ook oor hierdie tema uitgebrei in sy boek, ***The Necessity of Prayer*** (Die noodsaaklikheid van gebed):

***"Gebed trek lewe uit die Bybel uit. Dit plaas veiligheid op die vaste grond van die skrif. Gebed se bestaan en karakter is afhanklik van die openbaring wat God aan die mens gemaak het in Sy heilige woord. Gebed, op sy beurt, verhoog hierdie openbaring en draai mense in die rigting van daardie woord. Die aard, noodsaaklikheid, en al-begrypende karakter van gebed is gebaseer op die woord van God." (Losweg vertaal)***

Dit is goed gesê deur hierdie geestelike generaals. Nou kan ons ook weet wat die wil van God is en dit bid deur die boodskappe wat ons uit drome, visioene, onderskeiding, woorde van kennis, en woorde van wysheid (profetiese woorde) ontvang. God kan Sy wil vir 'n individu, die kerk of vir die mense deur hierdie openbaring gawes bekendmaak. En wanneer jy aanvoel dat die boodskap van

God af kom en dit bid, ontvang jy antwoorde. Ek kan hiervan getuig. Ek ontvang die grootste deel van my openbarings van God deur drome en visioene.

Alhoewel, God praat ook met my deur ander middele, maar drome en visioene het die oorheersende middele geword. Wanneer ek droom, kom dit presies dieselfde uit. Sommige nagte het ek soveel as drie tot vier drome, wat almal verskillende openbarings het. So, ek neem my drome baie ernstig op. Gevolglik, wanneer ek bid vorm die dinge wat ek in die droom ontvang het ŉ wesenlike deel van my gebedspunte.

Trouens, die meeste kere, soos die drome kom, maak dit my wakker en stuur dit my onmiddellik in middernag gebed in (wat meestal voorbidding is). Elkeen van ons behoort te weet wat die sekerste manier is wat God met ons praat en ons moet dit bemeester. Jesus het gesê dat Sy skape Sy stem sal hoor. En as jy werklik ŉ seun of dogter is sal jy altyd die stem van jou Vader erken. Aangesien gebed kommunikasie is, moet jy en God ŉ gemeenskaplike middel van interaksie hê. Dit is baie belangrik.

So, wanneer ek en my span in die middernag bid het ons nie ŉ gebrek aan gebedsonderwerpe nie. Ons ontvang hierdie punte uit die woord van God (Bybel), openbarings, en ander profetiese gawes. Deur al hierdie kan ons onderskei wat die wil van God is in enige gegewe situasie en daarvolgens bid. Deur God se genade het ons nog altyd resultate gehad.

Ek wil ook kommentaar lewer oor die gebiedendheid van ŉ gebed- en bevrydingspan in elke gemeente. Met alle nederigheid, ek glo dat ŉ kerk sonder ŉ gebed span net soos ŉ stad sonder mure is. ŉ Gebed span dien as wagtoring, skild en heining, gids en geestelike reddingsboei van enige kerk. Hulle bespeur die bose planne van die vyand teen die kerk.

Hulle beskerm die kerk teen die pyle en aanvalle van die vyand. En hulle bring ook die heerlikheid en krag van God in die kerk in. Ek kan nie in ŉ kerk sonder ŉ staande gebed span wees nie. Ek sal magteloos en blootgestel voel. Ons sal later meer oor gebedsgroepe sê. Maar laat ons eers kommentaar lewer oor ander dinge wat ook ons gebede help.

**In tale bid**

Vir jou gebede om doeltreffend te wees, veral gedurende die middernag gevegte, moet jy leer hoe om in tale te bid. Dit is baie moeilik, as dit nie onmoontlik is nie, om effektief in gewone tale te bid vir baie ure in die nag (wat soms vir dae of maande duur). Jy sal beslis uit woorde uit hardloop. Maar wanneer jy in tale praat of bid, kan jy volgens die rigting van die Heilige Gees bid en jy sal nooit ŉ gebrek aan woorde hê om jou versoeke uit te druk nie. Die gees weet presies watter versoeke om te maak volgens die wil van God.

As jy al in tale kan bid sal jy weet waarvan ons hier praat. Jy raak nie maklik moeg nie en daar is altyd ŉ gevoel van krag en vervulling wat jou omvou nadat jy in tale gebid het.

Kyk hoe 1 Korintiërs 14:4, 28 dit stel:

**"Iemand wat in tale praat, word self geestelik opgebou."**

Wanneer jy in tale praat (bid), hervul die gees jou met meer krag. So kan jy aanhou bid sonder om fisies moeg te word. Wanneer jy in tale bid, praat jy direk met God deur die gees se woorde. Wie kan God meer as die Heilige Gees verstaan? Die Gees weet sekerlik wat, hoe, en wanneer om versoeke aan die Vader te maak. Hy ken die wil en die program van God. So, ons moet begin om in tale te bid, in die gees te bid. Trouens, wat ek verstaan as bid in die gees is eintlik om Sy woord en in tale te bid.

Laat my asseblief toe om iets hier te verduidelik. Ek wil hê ons moet weet dat daar drie vorme van tale is wat ek in die Bybel gevind het. Die eerste vorm is die praat in tale as ŉ aanvanklike bewys dat jy met die Heilige Gees gedoop is. Die tweede vorm is die praat in tale as ŉ gawe van profesie. Dit is die een wat interpretasie vereis. En sommiges het ook die geskenk van die uitleg van tale, volgens die Bybel. Dan, die derde vorm is die een wat ons hier bespreek: om direk en privaat met God te kommunikeer. Die Bybel sê dat slegs die Heilige Gees kan ontsyfer wat jy sê, omdat jou gees direk met Hom kommunikeer. En dit is in tale bid, in die gees bid of in die gees kreun.

**Bid totdat iets gebeur (PUSH – *Pray Until Something Happens*)**

Enigiemand wat by geestelike stryd betrokke is, soos middernag gebed en ander vorme, moet die bogenoemde beginsel as ŉ banier dra. Sodra jy weet wat die wil van God is, moet jy gereed wees om te bid totdat jy die manifestasie sien of totdat God duidelik vir jou sê dat Hy jou gebede beantwoord het. Daar is so baie voorbeelde in die Bybel, maar ons sal net twee noem – Daniël en Elia.

"Hy sê toe vir my: 'Moenie bang wees nie, Daniël. Jou gebed is alreeds verhoor toe jy begin soek het na antwoorde en tot jou God begin bid het daaroor. Ek het gekom in antwoord op jou gebed. **Die aanvoerder van die Persiese koninkryk het my 21 dae lank teengestaan**. Migael, een van die belangrikste leiers, het my te hulp gesnel. Ek het hom daar gelos by die aanvoerders van die Perse.'"

Daniël 10:12-13

Hierdie Bybelse rekord gee vir ons ŉ seldsame insig in sommige van die aktiwiteite in die geestelike koninkryk aan gaan. Daniël was besig om te vas en tot God te bid. En dadelik, toe hy begin bid het, op die eerste dag, het God vir Gabriël gestuur (ŉ engelagtige wese met ŉ hoë posisie wat in Sy teenwoordigheid staan) om die antwoorde op Daniël se versoek te gaan aflewer. Soos Gabriël gegaan het, het ŉ kragtige demoniese owerheid sy pad geblok en hy kon nie deur kom om met Daniël te ontmoet nie. Gabriël was daar saam met die demoon totdat ŉ ander sterk aartsengel – Migael (die Gees Prins van Israel) gekom het om te help. Gabriël kon toe eers gaan om die goddelike boodskap vir Daniël te vat. Sjoe!

Dit is inderdaad ŉ baie seldsame insig in sommige van die aksies en reaksies wat elke dag namens ons in die geestelike koninkryk aan gaan. Nou, wat as Daniël vir drie of vier dae gebid het, gewag het vir ŉ antwoord en dan opgegee het? Miskien sou Gabriël terug hemel toe gegaan het en daar sou geen rede vir God gewees het om Aartsengel Migael as versterking te stuur nie. Daniël en die mense van Israel sou ook sekerlik daar gebly het sonder enige oplossing vir hul penaries.

Sonder om te weet van die stryd wat namens hom in die geestelike koninkryk plaasgevind het, het Daniël vir 21 dae aanhou bid en vas, en uiteindelik het die antwoord gekom. Dank die Here dat hy aangehou het. Hy het volgehou. Dit is die punt van ŉ voorbidder.

Soms, wanneer ons bid, aktiveer ons erge gevegte in die geestelike koninkryk en dit kan veroorsaak dat ontvangs van onmiddellike reaksie op ons versoeke vertraag word. En omdat ons nie dikwels sien wat in daardie koninkryk gebeur nie, raak ons desperaat of val in wanhoop in. Ons moet leer hoe om te volhard in gebed as ons kampioene en veterane van geestelike oorlogvoering wil wees. Ons moet die vermoë ontwikkel om ons vyande te verduur, erken, hinderlaag, en te sloop. Ek het vroeër genoem dat ons moet **volhard, voortduur, en dan sal ons die oorhand kry**. En dit moet die houding van elke middernag vegter wees.

**Elia**

Hierdie man het soveel geestelik krag uitgeoefen terwyl hy op aarde was dat hy die dou en die reën na willekeur gesluit en vrygestel het. Vuur, die dood, en die wette van bonatuurlike vermenigvuldiging en snelheid het hom ook gehoorsaam. Maar hy het ook bewys dat ŉ voorbidder gereed moet wees om te volhard totdat hulle die gewenste resultate ontvang. Kyk wat gebeur het na die wonderlike wedstryd op Karmelberg.

Hy het die reën vir ŉ paar jaar opgesluit en het teruggekom om dit weer los te maak. Maar dit moes nie voor sy wedstryd met die 850 sataniese priesters in Israel plaasvind nie. Nadat hy gewen het en daardie demoniese priesters geslag het, het hy onmiddellik vir koning Agab in kennis gestel dat die reën op pad was. Trouens, Elia het duidelik gesê dat hy reeds die geluid van ŉ geweldige storm gehoor het en hy het onmiddellik in gebed ingegaan.

Na die eerste gebed het hy sy dienskneg gestuur om te soek vir die reën. Sy dienskneg het gegaan, teruggekom en vir hom gesê dat hy niks gesien het nie. Elia het hom sewe keer teruggestuur. Met die sewende keer het die dienskneg gesê dat hy ŉ wolkie, so groot soos ŉ man se hand, uit die see sien styg het. En die profeet van God het gejuig. En die reën het gekom.

Die les hier is dat hierdie wonderlike man van God sewe keer in gebed moes volhard voordat hy die fisiese aktualisering van sy visie gesien het. Hy het nie moed opgegee nie of enige teken van

moedeloosheid gewys nie. Onthou, hy het reeds die reën in die gees gehoor en gesien en moes dit net in die fisiese wêreld laat manifesteer. Ons moet leer om te bid totdat iets gebeur (PUSH).

Kom ons bid vir herlewing. Kom ons bid vir die vrylating van diegene in ballingskap. Kom ons bid om die heerskappy van die demoniese magte van die duisternis te breek. Kom ons bid teen die geeste agter valse godsdienste. Kom ons bid dat die heerlikheid en krag van God in Sy kerk sal inkom. Mag God ons versterk in die naam van Jesus!

**Gebedsgroepe en –byeenkomste in die Bybel**

Die vroeë kerk in Handelinge het altyd ontmoet om te bid en dit was waarom God Sy krag en teenwoordigheid oor hulle vrygelaat het. Om saam te bid trek die 'Korporatiewe Salwing' van die troon van God aan. Dit verenig ook die gelowiges.

Kom ons kyk na Handelinge 1:14-15:

"Hulle het almal saam aanhou bid. Maria, Jesus se ma, ander vroue en Jesus se broers was ook by. In daardie tyd was daar 'n byeenkoms van sowat 120 gelowiges. Petrus het tussen hulle opgestaan en gesê…"

En ons sien weer in Handelinge 16:13, 16 dat die vroeë Christene 'n spesifieke plek gehad het waar hulle gereeld vir gebed bymekaar gekom het.

"Op die Sabbatdag is ons na die rivier buite die stadspoort, waar ons gereken het daar 'n Joodse bidplek sou wees. Ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaar was." En "Terwyl ons eendag na die bidplek toe op pad was…"

Hulle het 'n spesifieke plek vir gebed gehad en hulle het gereeld daar ontmoet. Nou vertel my waarom die heerlikheid van God nie op hulle sou val nie. Geen wonder dat vandag se kerk nie dieselfde vlak van salwing, heerlikheid, en gesag as die vroeë kerk sien. Die vroeë kerk het plekke van gebed gehad en hulle het gereeld ontmoet!

Hierdie byeenkomste van die vroeë gelowiges om te bid en gemeenskap te hê het die doop van die Heilige Gees en 'n 'ontploffing' van die vroeë kerk ontketen. Dit beteken eenvoudig dat daar sekere dinge is wat God nie vir Sy volk sal doen nie, tensy hulle bymekaar kom om te bid en gemeenskap te hê in eenheid en liefde.

Die Bybel sê ook dat hulle (die gelowiges) almal eendragtig bymekaar was en ek dink God het gesê: "Ja, dit is die beste tyd om die ewige en wonderlike belofte wat ek aan hulle gemaak het te vervul."

"Op Pinksterdag, sewe weke na Jesus se opstanding, was al die gelowiges op een plek saam. Skielik was daar in die lug bokant hulle 'n geluid soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle bymekaar was. Tonge wat gelyk het soos individuele vuurvlamme het toe tussen hulle verskyn en op elkeen van hulle gaan sit. Almal is toe met die Heilige Gees vervul en soos die Gees vir hulle die vermoë gegee het, het hulle in ander tale begin praat. Daar het toegewyde Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon."

"Dié wat Petrus se boodskap aanvaar het, is gedoop en hulle het lede van die kerk geword. Hulle was so 3 000. Hulle het hulle volledig gewy aan die leer van die apostels, aan die versorging van mekaar, aan die gemeenskaplike maaltye, en aan gebede."

Handelinge 2:1-5 en 41-42

Die gelowiges het gereeld saam gebid en die belofte en die krag van God het afgekom. As gevolg hiervan was daar 3 000 bekeerlinge in een dag. As jy verder lees sal jy sien dat liefde, vreugde, guns, tekens en wonders ook in die kerk teenwoordig was. Wanneer gelowiges saamkom om eendragtig te bid (in ooreenstemming en harmonie), is daar niks wat hulle nie sal kan bereik nie.

Die duiwel weet dit baie goed en dit is hoekom hy alles sal doen om verwarring en ontevredenheid by Christene, en selfs predikante, in te bring. Hy weet dat 'n verenigde, biddende kerk 'n groot bedreiging vir sy koninkryk en sy geheime aktiwiteite is.

Die kerk moet saamkom; ons moet 'n verenigde front teen ons gemeenskaplike vyande hê – Satan en sy agente. Ons wil meer interkerklike gemeenskap, interkerklike gebedsgroepe en

vergaderings sien. Jesus het in Matteus 16:18 gesê: "Op hierdie rots sal Ek my kerk bou (nie my denominasie nie), en al die magte van die doderyk sal dit nie oorwin nie." Hoe meer mense in eenheid bid, hoe groter sal die salwing wees.

God het in Levitikus 26:8 gesê:

**"Net vyf van julle sal 100 agtervolg en 100 van julle sal 10 000 agtervolg. Al julle vyande sal onder julle wapens tot 'n val kom."**

Het jy dit? Hoe meer gelowiges, hoe meer vyande sal hulle kan agtervolg. En Hy het ook vir ons die versekering gegee dat die vyand tot ȉn val sal kom. Prys die Here!

**Nasionale gebedsbyeenkomste in die Bybel**

Daar was verskeie geleenthede in die Bybel waar ȉn nasionale gebedsbyeenkoms aangekondig was om die aangesig van God of Sy ingryping te soek in die sake van die mense. Ons sal net twee van hulle noem as gevolg van beperkte ruimte:

Toe drie nasies (Moabiete, Ammoniete en die Meüniete) oorlog verklaar het teen Juda, het koning Josafat vinnig ȉn nasionale gebedsbyeenkoms by die tempel in Jerusalem aangekondig. God het hulle gebede verhoor en het teen hulle vyande geveg en oorwin.

"Josafat was baie ontsteld oor hierdie nuus en het vir die HERE raad gevra. Hy het ook beveel dat elkeen in Juda moet vas. Die mense het van al die dorpe in Juda na Jerusalem toe gekom om die HERE se hulp te soek."

2 Kronieke 20:3-4

En in die boek van Ester het die kinders van Israel hulleself in ȉn baie benarde situasie gevind. ȉn Onherroeplike dood bevel het oor hulle gehang, nie as gevolg van enige misdaad nie, maar as gevolg van die afguns van hulle vyande. Kom ons lees die storie. Dit is inderdaad ȉn interessante een:

"Haman is toe na koning Ahasveros toe om vir hom te sê: 'Daar is 'n sekere volk wat verspreid is in die provinsies van u koninkryk. Hulle hou hulle apart van al die ander volke. Hulle volg ander wette as dié van die ander nasies. Hulle gehoorsaam nie die wette van die koning nie. Dit is nie in die koning se belang dat hulle so lewe nie. As dit vir die koning goed is, maak dan 'n wet om hulle uit te roei. Ek sal 342 ton silwer aan die regeringsamptenare betaal om dit in die skatkis te sit.'

"Die koning is oorreed. Hy het sy seëlring van sy vinger afgehaal en dit vir Haman seun van Hammedata die Agagiet, die vyand van die Jode, gegee. 'Jy kan maar die geld vir jouself hou,' het die koning gesê, 'maar maak met hierdie volk soos jy wil.'

"Die koning se sekretarisse is op die dertiende van die eerste maand laat kom. Haman het beveel dat hulle alles aan die verteenwoordigers van die koning, die goewerneurs van elke provinsie en die leiers van elke volk moes skryf. Dit was in hulle eie skrif en in hulle eie taal. Die proklamasie is geskryf in die naam van koning Ahasveros en met sy ring verseël.

"Briewe is met hardlopers uitgestuur na elke provinsie van die koning met die opdrag dat al die Jode geheel en al uitgeroei moes word, oud en jonk, vrou en kind. Dit moes gebeur op die dertiende van die twaalfde maand, die maand Adar. Daar moes dan op hulle besittings beslag gelê word. ȉn Afskrif van die proklamasie moes in elke provinsie as wet afgekondig word en moes aan al die volke bekendgemaak word sodat hulle op daardie dag gereed kon wees.

"Boodskappers het haastig met die koninklike bevel vertrek. Ook in die vestingstad Susan is die proklamasie afgekondig. Die koning en Haman het toe gaan sit om te drink. In die stad Susan was daar groot beroering."

Ester 3:8-15

Dit was die situasie van die volk van God. Hulle sou doodgemaak word – jonk en oud, vroue en kinders. Al hulle eiendomme sou ook gekonfiskeer word ná die beplande volksmoord. Wat het die Jode gedoen? Mordegai het sy klere geskeur, en in sak en as gesit. Ander Jode het by hom aangesluit. Hulle het gevas, geween, en gekerm.

Toe Mordegai al die Jode van Susan bymekaar geroep het en vir drie dae gebid het, het God die doodsvonnis wat oor hulle gehang het herroep en Hy het hul vyande vernietig.

God het die bevrydingsproses begin deur koning Ahasveros in die nag te besoek. Die koning kon nie weer aan die slaap raak nie, want vurige petisies van die volk van God het Sy troon gebombardeer. Die bevel teen die Jode was omgekeer, hul aartsvyand was gehang en sy eiendomme is aan die Jode oorhandig. Prys die Here!

Wanneer ŉ volk, ŉ nasie, of burgers van ŉ staat bymekaar kom om te bid en tot God te roep is die gevolge altyd deurdringend. Die toestand van jou mense of jou nasie kan verander as jy hulle bymekaar sou bring om die aangesig van God te soek.

**Individue se gebede in die Bybel**

Individue se gebede het ook geweldige resultate. Moses, Jesus, Josua, Daniël, Nehemia, ensovoorts is ŉ paar van die mense wat hulle volk deur gebed verander het. As ŉ gebedstryder; veral ŉ middernag gebedstryder, moet jy nie net jouself en jou gesin beïnvloed nie, maar jy het die vermoë om die bestemming van jou volk, jou nasie, en selfs die hele wêreld te beïnvloed. Jesus se gebede en aktiwiteite beïnvloed tot vandag toe die wêreld. Moses se gebede het die hele nasie van Israel gered. Daniël se gebede het die weg gebaan vir die bevryding van die Israeliete uit Babel.

Kom ons neem Nehemia as voorbeeld. Hy het in die gaping gestaan vir sy mense. Kyk na die volgende skrif:

**“Hulle antwoord was: ‘Dit gaan nie goed met die mense wat uit die ballingskap teruggekeer het en daar oorgebly het nie. In die provinsie Juda is daar groot ellende en bespotting. Jerusalem se muur lê om en die stadspoorte is deur vuur vernietig.’**

**“Toe ek dit hoor, het ek gaan sit en huil. Vir dae aaneen het ek getreur, gevas en tot die God van die hemel gebid… Hoor my gebed! … Kyk, en U sal sien dat ek dag en nag vir die mense van Israel, U dienaars, intree in gebed.”’**

**Nehemia 1:3-6**

Jy weet reeds wat die geweldige resultaat van Nehemia se gebed was. God het ingegryp. Die vervalle mure van Jerusalem was herbou. En Israel kon God weer daar aanbid. God kan dit ook vir jou doen. En onthou, daar is ŉ beloning wat altyd sal kom nadat jy die oorhand gekry het.

In Josua 23:10 sê die Bybel dat:

**“Een van julle kan selfs duisend van hulle op loop jaag…”**

Een persoon om ŉ duisend vyande weg te jaag? Jy kan dit slegs bonatuurlik doen deur te bid. Jou gebed kan geweldige resultate lewer. Ja, jou gebed. En jy kan weet God sê dat jy ŉ kroon sal ontvang en Hy sal jou ŉ pilaar in Sy huis maak wanneer jy die oorhand kry. ŉ Pilaar en ŉ kroon as beloning van God? Dit sal wonderlik wees!

“Die een wat aanhou oorwin, hom sal Ek ’n pilaar in die tempel van my God maak…”

Openbaring 3:12

Maar kom ons beweeg aan na lofprysing toe.

# Hoofstuk 5
# Lofprysing

**P**aulus en Silas het ook vir God geloof in die tronk daardie aand. Met vars wonde regoor hul liggame, hul hande en bene vasgeketting, en in die donker, ondergrondse tronksel, het hulle tot eer van God gesing. Lofprysing en aanbidding is van die kragtigste instrumente wat God aan die gelowiges gegee het. En hier verwys ek na geesvervulde lofprysing en aanbidding. Daar is krag in lofprysing en aanbidding. Hulle is magtige wapens vir ons stryd en die duiwel weet dit. Dit is waarom hy alles in sy vermoë sal doen om hierdie wapens te stop of ten minste te krenk.

Wanneer ons God loof, bring ons Sy teenwoordigheid en heerlikheid aarde toe. Geen wonder die Bybel sê dat God onder die lofsange van Sy volk woon nie (Psalm 22:4). Dit beteken eenvoudig dat Hy in die lofsange van die gelowiges verkeer, woon, bevind word of woonagtig is. Wanneer jy God loof, skep jy die atmosfeer vir Hom om te kom en in jou lofsange te woon.

Jy kan nie ȉn sukses van middernag gebede maak sonder lofprysing en aanbidding nie. Middernag gevegte moet met dit begin en eindig. Daar gaan selfs tye wees wat dit dalk nie nodig gaan wees om enige versoek te maak nie, maar net ons grote God loof en jy sal sien hoe jou behoeftes op hul eie wegsmelt. Ek het dit al afsonderlik probeer. Ek het om middernag opgestaan en begin om Hom te loof. Ek het dit vir ure gedoen en gehoop om daarna te bid, maar was elke keer in Sy teenwoordigheid gedompel en het gevolglik my lys van versoeke vergeet. Maar ek het altyd gesien hoe daardie behoeftes hulself uitgesorteer het.

Trouens, ek dink lof is meer kragtig as gebed, maar albei is kommunikasie met God. Wanneer jy dit ȉn gewoonte maak om God te loof te midde van elke probleem of vervolging sal die duiwel begin om twee keer te dink voordat hy probleme vir jou veroorsaak, want hy weet wat jou reaksie sal wees.

Lofprysing lei ons in die teenwoordigheid van God in. ȉn Voorbidder en alle Christene moet dit altyd in gedagte hou. Die teenwoordigheid van God het ȉn hek om dit en lofprysing en aanbidding is die sleutels. Die eerste ding wat jy moet doen wanneer jy in middernag gevegte intree is om die hek van Sy teenwoordigheid oop te maak met die sleutel van lofprysing. Dan kan jy begin om antwoorde op jou vrae te ontvang.

Die Psalmdigter het dit baie goed geweet toe hy die volgende gesê het in Psalm 100:4:

**“Gaan Sy poorte in met dankliedere, Sy hofsaal met lofgesange. Dank Hom en prys Sy Naam.”**

En jy weet wat sal gebeur as jy die hofsaal van die Here ingaan deur die hekke. Jy sal beslis nie dieselfde uitkom nie. Jou laste, behoeftes, en versoeke sal aan voldoen word. Lofprysing en aanbidding sal die hekke oopmaak!

Daar is ook ander dinge wat geesvervulde lofprysing vir ons doen. Dit gee vir ons die wonderlike voorreg om by die hemelse wesens aan te sluit en God te aanbid en om hemel aarde toe te bring.

Kyk net na Openbaring 4:2-11:

“Onmiddellik was ek in die greep van die Gees. Ek het ’n troon in die hemel sien staan met Iemand wat daarop sit. En die Een wat sit, se voorkoms was net soos jaspis en karneool, terwyl daar ’n reënboog met die glans van smarag om die troon gehang het. Rondom die troon was daar 24 trone en op die trone het 24 ouderlinge gesit. Hulle het wit klere aangehad, met goue krone op hulle koppe. Van die troon se kant af het daar weerligstrale, rammelings en donderslae gekom. Reg voor die troon het sewe vlammende fakkels gebrand; dit is die sewe Geeste van God. Vlak voor die troon het dit gelyk soos ’n spieëlgladde see, soos kristal.

“In die middel en rondom die troon het daar vier lewende wesens gestaan, met oë aan die voor- en agterkant. Die eerste lewende wese het soos ’n leeu gelyk, die tweede soos ’n bul, die derde het ’n gesig soos dié van ’n mens gehad, en die vierde het gelyk soos ’n vlieënde arend. Die vier lewende

wesens het elkeen ses vlerke gehad wat rondom en aan die binnekant vol oë was. **Hulle het dag en nag, sonder enige ruspouse, aanhou sê: 'Heilig, heilig, heilig is die HERE God die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom.'**

"Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, Hy wat vir altyd lewe, val die 24 ouderlinge in aanbidding neer voor Hom wat op die troon sit. Hulle aanbid Hom wat vir altyd lewe en **sit hulle krone voor die troon neer en sê: 'U is waardig, HERE ons God, om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alle dinge geskape het; deur U wil is alles wat bestaan, geskape."'**

Majestueus! Dit is die plig van die vreeslike vier lewende wesens en 24 ouderlinge in die hemel. Ek het die hele skrif aangehaal sodat jy kan verstaan presies wat jy doen wanneer jy God loof en aanbid. Ek is altyd bewus van hierdie feit wanneer ek in aanbidding intree – dat ek by die leërskare van die hemel en die miljarde gelowiges regoor die aarde aansluit om te sê dat ons God en Koning waardig is om vir ewig aanbid te word. Dit is wonderlik!

Ons gee ook ȵ offergawe wanneer ons Hom loof. En soos jy weet, ȵ offergawe is om iets kosbaar en van groot waarde vir iemand te gee. God verdien ons beste. Ons moet vir Hom die vrugte van ons lippe gee – dit is lofprysing as ȵ offergawe. Ons lofprysing moet as ȵ welriekende geur na Hom toe styg.

Hebreërs 13:15 sê:

**"Kom ons bring dan, met Jesus Christus se hulp, 'n voortdurende offer van lofprysing aan God – 'n offer wat opklink van die lippe van hulle wat Hom bely."**

**Lofprysing as ȵ magtige wapen**

Lofprysing en aanbidding is ook kragtige wapens in die hande van die gelowiges. Wanneer jy God loof, gooi jy Satan en sy donker koninkryk in verwarring en paniek. Jy disorganiseer en verslaan hul planne. Kyk weer na Josafat en die mense van Juda se geval toe daardie drie vyandige nasies hulle wou aanval. Die Bybel sê nadat hulle gebid en aanwysings van God gekry het, het koning Josafat die sangers vergader en na die slagveld toe gemarsjeer. Hulle het nie net hulle vyande verslaan nie, maar het huis toe gegaan met meer as genoeg buit van die oorlog.

"Nadat hy die leiers van die volk geraadpleeg het, het die koning sangers aangestel om voor die leër uit te stap. Hulle het tot eer van die HERE gesing en Hom geprys vir sy heerlike heiligheid: 'Loof die HERE, want Sy troue liefde duur vir altyd.' **Die oomblik toe hulle begin sing en die HERE prys, het Hy veroorsaak dat die leërs van Ammon, Moab en die Seïrberge onder mekaar begin veg. Die leërs van Moab en Ammon het teen hulle bondgenote uit die Seïrberge gedraai en elkeen van hulle doodgemaak. Nadat hulle die leër van Seïr vernietig het, het hulle mekaar vernietig.**

"Teen die tyd dat die leër van Juda by die uitkykpunt oor die woestyn kom, was daar so ver hulle kon sien net lyke op die grond. Nie een van die vyand het ontsnap nie. Koning Josafat en sy manne het gegaan en die buit bymekaargemaak. Hulle het baie toerusting, klere en ander kosbare voorwerpe gekry, meer as wat hulle kon dra. Daar was so baie buit dat dit drie dae geneem het om dit te versamel. Op die vierde dag het hulle in die Vallei van Seëninge die HERE geseën en geprys. Dit is waarom die plek tot vandag toe Vallei van Seëninge genoem word."

2 Kronieke 20:21-26

God het voor hulle uit beweeg en hulle vyande verslaan toe hulle begin het om Sy lof te sing. Wanneer jy God loof, gaan Hy vooruit om jou vyande te verslaan. Jy sal net na die slagveld toe gaan om die buit van die oorlog te gaan haal en om in die vallei van seëninge fees te vier. Gaan in middernag gevegte in met lofprysing en aanbidding. Maak dit ȵ plig om altyd vir God te loof, maak nie saak wat rondom jou gebeur nie. Dit is my geheim. Dag en nag, en nie net wanneer ek bid nie, sluit ek by die hemelse leërskare aan om ons Koning, Here, en Verlosser te aanbid.

**Wonderlike getuienisse**

Kom ons lees die onderstaande getuienis van ŉ eenmalige baie kragtige agent van die koninkryk van duisternis, wie nou ŉ dienaar van Jesus Christus is – Emmanuel Eni. Terloops, ek het my lewe aan Jesus gewy by een van sy kruistogte in die oostelike deel van Nigerië in die 80s. Ons sal na baie van sy getuienisse en ander in hierdie boek kyk. Kyk wat sê hy oor die effektiwiteit van lofprysing:

***"Jy moet leer om altyd lof tot eer van God te sing. Daar is krag in lofprysing. Daar was hierdie Pastoor – Pastoor I.K (naam weerhou). Hy was die pastoor van ŉ kerk in Ebute Metta, Lagos. Hy was my teiken en sy oortreding was dat hy ons vrede versteur het deur die uitvoering van vroegoggend oproepe, m.a.w. om in die vroeë oggendure te preek. Hy het met sy megafoon rondgeloop en homself by die No. 2 bushalte in Akintola straat, Ebute Metta, gestasioneer. Hy sou daar preek en hy sou nie by dit stop nie, maar hy het duiwels gebind, ens. Hy sou ook preek en die werke van die duisternis blootstel by sy kerk, waarna hy duiwels sou begin bind. Hy het baie gebid. Hy het altyd gesing en God geprys.***

***"Ek het my boodskappers na hom toe gestuur, maar hulle kon hom nie doodmaak nie, so ek het besluit om die opdrag self uit te voer. Op die spesifieke dag het ek hom langs die nuwe G.R.A. gesien loop. ŉ Noemenswaardige ding oor hierdie pastoor is dat enige tyd wanneer ons hom probeer aanval het, sou ons wolkpilare aan sy linkerkant en regterkant sien wat saam met hom gegaan het, en dit het ons verhinder. Maar op hierdie spesifieke dag het ek niks gesien nie, so ek was baie seker dat my opdrag suksesvol sou wees. Ek het reën beveel om te val sodat ek hom met weerlig kon tref. Die reën en donderweer het begin. Al die bome in die omgewing het begin om hul takke verloor, maar hierdie Pastoor het met blydskap gesing. Ek onthou nog die refrein: 'In die Naam van Jesus sal elke knie buig…!'***

***"Soos hy met hierdie koor aangegaan het, het die reën en die donderweer opgehou. Daar het onmiddellik twee engele aan elke kant van hom verskyn, met vlammende swaarde. Hulle oë en swaarde was soos vuurvlamme. Skielik het ŉ sterk wind my weggewaai en ek het myself in ŉ ander dorp bevind! Trouens, ek was verstom, maar omdat ons so hard was het ek gesê: 'Hierdie man het weer ontsnap!' Die Pastoor was onbewus van die geestelike oorlog wat namens hom geveg was. So, jy kan sien dat die kind van God goed beveilig is. Dit is die waarheid wanneer die Bybel sê dat: 'Niks sal julle beseer nie' (Lukas 10:19)!***

***(Uittreksel geneem en losweg vertaal uit die boek: "Deliverance from the Powers of Darkness" (Bevryding van die Magte van Duisternis)***

Voorwaar, die Here ons God is groot! Het jy die bostaande gelees? Sy teenwoordigheid beskerm ons en as dit nie vir hierdie soort belydenisse was nie, sou ons nooit weet van die talle gevegte wat ons grote God daagliks vir ons veg nie. Dink jou by die bogenoemde storie in. Asseblief, leef ŉ lewe van lofprysing. En hier bedoel ek opregte lofprysing uit jou hart uit. Dit is altyd ŉ kragtige wapen in die hande van ŉ kind van God.

Kom ons beweeg vinnig aan en oorweeg die ander wapens wat ons het. Ons gaan ook oor meer getuienisse lees. Laat ons na die Naam van Jesus kyk.

# Hoofstuk 6
# Die Naam van Jesus

**“D**aarom het God Hom ook tot die hoogste posisie verhoog en aan Hom die Naam gegee wat belangriker is as elke ander naam. Só sal by die noem van Jesus se heerlike Naam elke knie in die hemel en op die aarde en onder die aarde buig, en elke tong sal bely: ‘Jesus Christus is HERE!’ En só sal God die Vader verheerlik word!”

Filippense 2:9-11

“Mag julle insien hoe **enorm groot die krag is wat God gebruik** vir ons wat glo. Dieselfde magtige sterkte was ook aan die werk toe God Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan Sy regterhand laat sit het. **Nou is Christus hoog verhewe bo elke owerheid en gesag en krag en heerskappy, ja, elke noemenswaardige instansie, nie net in hierdie wêreld nie, maar ook in die wêreld wat kom**.” … “Omdat ons aan Christus Jesus verbind is, het God ons saam met Hom opgewek en saam met Hom ’n sitplek in die hemel gegee.”

Efesiërs 1:19-21; 2:6

“Hierdie is die wondertekens wat dié sal beleef wat glo: **Hulle sal duiwels in My Naam uitdryf, en hulle sal in nuwe tale praat. Hulle sal slange ongedeerd kan hanteer en as hulle iets giftig drink, sal dit hulle nie affekteer nie. Hulle sal siekes die hande oplê, en hulle sal gesond word**.”

Markus 16:17-18

Die naam van Jesus is ȟ baie groot wapen in die hande van ȟ Christen, veral die gebedstryder. Dit is altyd dodelik vir die duiwel en die donker koninkryk wanneer dit deur ȟ gelowige, en selfs soms deur ongelowiges, genoem word. Die naam van Jesus maak die deure van die hemel oop en maak ook al die magte in die hemel, op die aarde, onder die aarde, en in die water onderdanig. Maar hoekom is dit so kragtig?

In die eerste plek, Jesus Christus is die Seun van God wie uit die hemel gekom het. Dit is ȟ baie eenvoudige bekendstelling van Jesus. Maar as jy die Skrif bestudeer, sal jy, sonder twyfel, by die onbetwiste feit uitkom dat Jesus God is. Hy is God, maar het in menslike vorm gekom. Vanaf die Ou Testament na die Nuwe, alles verwys na hierdie feit toe. Dus, as hierdie man God in die vlees was, waarom sou Hy (Sy naam) nie absolute gesag en invloed oor Sy skepping beveel nie? Vertel my.

In die tweede plek, voordat jy my beskuldig dat ek nie weet wat in my Bybel staan nie, Jesus het ook die hoogste gesag ‘verdien’ toe hy die prys vir sonde betaal het en uit die dood uit opgestaan het. Ek hoop jy het die verse aan die begin van die hoofstuk gelees? Hulle is selfverduidelikend. En dit is waarom ek nie veel kommentaar oor hulle lewer nie.

Jy kan die volgende skrifgedeeltes lees en jou eie gevolgtrekkings maak:

“Die volheid van God is mos liggaamlik in Christus teenwoordig. En omdat julle één is met Christus deel julle in Sy volheid – Hy wat die hoof is van elke heerskappy en gesag.”

Kolossense 2:9-10

“Die Seun (Christus) is die sigbare uitbeelding van die onsigbare God. Hy is die Eerste van die hele skepping, omdat God alles deur Hom geskep het. Ja, alles in die hemel en op die aarde – die dinge wat gesien kan word en die dinge wat nie gesien kan word nie, of dit nou konings of heersers, regeerders of magshebbers is – álle dinge is deur Hom en vir Hom geskep. Hý was daar vóór alles, en in Hom word alles saamgebind.”

Kolossense 1:15

Wonderlik! Nou wat wil jy hê moet ek nou weer sê? As Christus hierdie aard en eienskappe het, hoe kan ȟ geskape wese (soos Satan en sy donker agente) ooit voor Hom staan? En dit is die dinge wat ons as Christene moet verstaan. Dat ons Verlosser, Jesus Christus, God is. Dat Hy alles in

die ganse heelal geskep het en steeds beheer – of dit nou ŉ krag, owerhede, regeerders, owerhede, trone, heerskappye in die lug, in die water, op die aarde, op die berge, in die donker plekke, of in die dag en in die nag is.

So, wanneer jy Sy naam noem, hoor hierdie geskape wesens die naam van hulle Skepper en hulle het geen ander keuse as om te gehoorsaam, te buig, en om hulself aan Sy gesag te onderwerp nie. ŉ Skepping sal altyd onderhewig aan die skepper wees. Dit is eenvoudig!

Jesus het dit baie goed geweet dit is waarom Hy oor duiwels, siektes, die natuur, en situasies regeer het terwyl Hy nog op aarde was. En selfs op die punt van die dood moes Hy Homself gewillig oorhandig, want sterflinge kon Hom nie fisies in hegtenis neem nie, om nie eers te praat van Hom doodmaak nie. Kom ons kyk net die drama wat tydens sy inhegtenisneming plaasgevind het:

"Nadat Jesus dit gesê het, het Hy saam met Sy dissipels die Kedronspruit oorgesteek. Aan die oorkant was daar 'n tuin geleë. Hy en Sy dissipels het die tuin toe binnegegaan. Judas, die een wat Hom sou uitlewer, het ook die plek geken omdat Jesus en Sy dissipels dikwels daar bymekaargekom het. Judas het op daardie oomblik die afdeling soldate en die wagte van die priesterhoofde en Fariseërs begelei en by die olyftuin aangekom met lanterns, fakkels en wapens.

"Jesus was egter deeglik bewus van alles wat oor Hom sou kom en het op Sy eie uit die groep na vore beweeg en vir hulle gesê: 'Wie soek julle eintlik?'

"Hulle het Hom geantwoord: 'Jesus van Nasaret.'

"'Dit is Ek,' antwoord Jesus. Judas, die een wat Hom sou uitlewer, het ook daar tussen hulle rondgestaan. En toe Jesus vir hulle sê: **'Dit is Ek!' het hulle almal padgegee en op die grond neergeval**. Jesus het Sy vraag aan hulle herhaal: 'Wie soek julle eintlik?'

"'Jesus van Nasaret,' was hulle antwoord.

"Jesus se reaksie was: 'Ek het dan vir julle gesê dat dit Ek is. As julle Mý dan soek, laat hierdie mense wat saam met My is, weggaan.' Sodoende het die woord wat Hy vroeër uitgespreek het, waar geword: 'Uit die mense wat U aan My toevertrou het, het niemand verlore gegaan nie.'

"Simon Petrus het 'n swaard by hom gedra. Hy trek toe sy swaard uit die skede, slaan daarmee na die slaaf van die hoofpriester, en kap sy regteroor af. Die slaaf se naam was Malgus. Jesus sê toe dadelik vir Petrus: 'Sit die swaard terug in sy skede. Sal Ek dan nie die beker drink wat die Vader aan My gegee het nie?'

Johannes 18:1-11

Sjoe! Jesus se inhegtenisneming was inderdaad ŉ drama. Daar is so baie om te leer uit hierdie skrifgedeelte. Ons het hierdie skrifgedeelte ingesluit sodat jy die gesag en karakter van Jesus terwyl Hy op aarde was kan waardeer. ŉ Bataljon van soldate met al hul wapens kon Hom nie in hegtenis neem nie. Toe Hy vir hulle gesê het: 'Dit is Ek', het hulle almal op die grond geval. Hy het Homself later vrywillig aan hulle oorhandig sodat Hy Sy goddelike sending om Sy lewe vir die mensdom te offer kon vervul. Anders sou dit onmoontlik gewees het vir mense om Hom dood te maak.

Ja, Hy was altyd in beheer van elke situasie. Dieselfde Jesus sê dat Hy vir ons daardie gesag gegee het in Sy naam om duiwels uit te dryf, Satan te weerstaan, die siekes gesond te maak, en om owerhede, magte en heersers van die duisternis aan te val. Die gelowige, veral die gebedstryder moet hierdie goed verstaan. Elke krag en elke situasie moet kniel wanneer die naam van Jesus genoem word.

**Belydenis van ŉ voormalige okkult meester**

Voordat ons verder gaan, kom ons kyk na ŉ belydenis van ŉ eenmalige kragtige en hooggeplaaste agent van Satan uit Nigerië – Evangelis E.O. Omoobajesu soos opgeteken in sy boek: *'My Conversion'* (My Bekering). Dit sal ons help om die krag wat ons in die Naam van Jesus het te waardeer:

***"Ek onthou ŉ vergadering van die kultusse wat by die Lagos Bar Beach gehou was. Al die hooggeplaaste okkultiste in Nigerië was teenwoordig en onder ons lede was ŉ paar van die tradisionele leiers van regoor die land. So, uit elke deel van die land het ons by die see***

***bymekaargekom, geklee in demoniese regalia terwyl ons bose magte ons onsigbaar gemaak het. Ons was net besig om op die strand te sit om die vergadering te begin toe ŉ man gekom het om op die strand te bid. Alhoewel ons onsigbaar vir hom was, kon ons almal hom duidelik sien. Onwetend, het hy begin om op van die lede op die sand te trap.***

***"Ons was almal woedend en ŉ persoon in ons vergadering was beveel om hom te gaan uitsorteer. Hy het onmiddellik gegaan en die man ŉ harde klap gegee. Die man het begin duiselig voel. Toe hy besef het wat aangaan het hy hardop geskree. Hy het J-E-S-U-S geskree! Die eggo van sy stem het deur die stilte van die nag gebreek.***

***"Wat het gebeur? Onmiddellik [na] die naam van Jesus genoem was het ŉ straal van lig uit die man se mond gekom en in die hemele verdwyn. Ons het almal gaan sit om te sien wat volgende sou gebeur. Na ŉ paar oomblikke het die lig weer verskyn en was op pad terug aarde toe. Die lig het in die middel van die lug ontplof en in verskeie dele verdeel, maar dit was steeds direk na ons toe op pad. Hierdie lig het ons vergadering op die strand omring en het die hele omgewing baie helder verlig.***

***"Toe ons die lig beter bekyk het, het ons gesien dit was vergesel deur alle vorme [soorte] van wapens, waens van vuur en gevleuelde wesens, en al hierdie was besig om verwoed na ons toe te hardloop. Ons moes almal vlug; almal het weggehardloop, terwyl die strydwaens elkeen van ons huis toe gejaag het. Al hierdie [dinge] het in ŉ oogwink plaasgevind."***

***(Losweg vertaal)***

Dit is kragtig! My God is groot! Dit is ŉ ware belydenis van ŉ eenmalige kragtige en gevreesde agent van Satan. Dit is baie moontlik dat daardie gebedstryder (Christen) wat die naam van Jesus geskree het nie geweet het nie, en dalk nooit sal weet, wat daardie nag gebeur het nie; die oorlog wat die hemel namens hom verklaar het. Al wat hy sou sê is dat Jesus hom van ŉ aanval van die vyand by die Bar Beach gered het. Maar die Sataniste het alles duidelik gesien. Dit is presies wat gebeur elke keer as ons die naam van Jesus noem in ons stryd teen die koninkryk van duisternis. Hulle hardloop vir veiligheid. Hulle hardloop in verwarring en totale wanorde.

Alle magte, owerhede, en regeerders van duisternis buig en kniel wanneer die naam van Jesus genoem word. Hulle gehoorsaam wanneer Sy naam genoem word, want Hy het hulle by die kruis verower en verlaag. Christene, insluitende die middernag krygers, moet begin om die krag wat in die Naam van Jesus is te waardeer en eien.

Emmanuel Eni vertel ook hoe die Naam van Jesus Satan van sy stoel laat af val het by een van hul vergaderings in die water wêreld:

***"Op ŉ dag het ŉ meisie met die naam NINA na my toe gekom. NINA, wie se ouers van die Anambra staat was, was ŉ baie mooi jong meisie, maar het meestal in die see gewoon, in die onderwater geesteswêreld. Sy was ŉ vurige agent van die koningin van die kus (godin van die see) en was baie boos. Sy het die Christene gehaat en het alles in haar mag gedoen om Christenskap te veg. Ek het haar vir die eerste keer tydens ŉ besoek aan die see ontmoet. NINA was daar met ŉ opdrag van die koningin van die kus.***

***"Ons het dadelik vertrek en toe ons daar aankom het ek geleer dat ons vergadering met Lucifer was. Satan het vir ons die volgende instruksies in die vergadering gegee: Om teen die gelowiges te veg en nie die ongelowiges nie omdat die ongelowiges reeds syne was. Toe hy dit gesê het, het een van ons gevra: 'Hoekom'. Hy het gesê omdat dat God hom uit 'daardie plek' gegooi het, (hy het geweier om die woord 'hemel' te gebruik en vir die res van ons vergaderings met hom het hy nooit melding gemaak van die woord 'hemel' nie), en daarom was die visie dat geen Christen daarheen moes gaan nie. Hy het altyd woorde soos 'daardie plek' gebruik, as gevolg van trots.***

***"Hy het ook vir ons gesê dat ons nie teen die skynheiliges moes veg nie. 'Hulle is soos ek' het hy gesê. Hy het voortgegaan met sy toespraak en het gesê dat sy tyd naby was; daarom moes ons soos nog nooit tevore veg en seker maak dat niemand by 'daardie plek' in gaan nie! Een van ons het vir hom gesê: 'Ons het gehoor dat God iemand gestuur het om die mensdom te red.' Satan het***

***gevra: 'Wie is dit?' Een lid het geantwoord: 'Jesus!' En tot ons verbasing het Lucifer van sy stoel af geval. Hy het op die man geskree en hom gewaarsku om nooit daardie naam in enige van ons vergaderings te noem nie, veral as hy sy lewe lief het. Dit is waar dat elke knie voor die naam van Jesus moet buig (Fil. 2:10), Satan ingesluit."***

***(Losweg vertaal)***

Die woord van God is waar! Elke knie, Satan ingesluit, moet buig voor die naam van Jesus. Wat anders wil jy hoor? Sy naam maak ook die deure van die hemel en seëninge vir ons oop. Dit was waarom Jesus gesê het dat enigiets wat jy in Sy naam vra sal aan jou gegee word. Dit is die sleutel om God se hart, Sy genade en skatte oop te sluit. Dit sluit ook die hekke van die hel, maar maak die hemel vir ons oop. Kom ons gaan oor na die bloed van Jesus en meer getuienisse.

# Hoofstuk 7
# Die Bloed van Jesus

**"E**n hulle het hom self oorwin op grond van die bloed van die Lam en die boodskap waaroor hulle getuig het."

Openbaring 12:11

"… Jesus wat deur die bloed van die ewige verbond die Herder van die kudde geword het…"

Hebreërs 13:20

Nog ŉ baie kragtige wapen wat God aan ons gegee het is die bloed van Jesus Christus. Wanneer ŉ gelowige die bloed van Jesus pleit word hulle outomaties beskerm teen die aanvalle van Satan en sy agente. Sy bloed herinner Satan en die demone van hul nederlaag by die kruis. Die bloedvergieting van Christus aan die kruis, Sy dood, en daaropvolgende opstanding het ons teruggebring na God toe en het ook die ewige straf van Satan en sy gevalle engele verseël. Ek is seker een van die dinge waaroor die duiwel vir ewig spyt sal wees is die feit dat hy Jesus na die kruis toe gestuur het.

Trouens, die Bybel sê dat as hy (die duiwel) geweet het, sou hy nie die Here van heerlikheid vermoor het nie. Die bloed van Jesus, onbekend aan die duiwel, was wat nodig was om die ewige verbond tussen God en ons te verseël. En as jy eers daardie verbond aanroep is die duiwel ongeorganiseerd, ontwapen, en verneder. Dit is presies wat die skrif sê. Kyk na Kolossense 2:15:

"So het Hy die regeerders en gesagvoerders ontwapen. Hy het hulle in die openbaar bespotlik gemaak deur aan die kruis oor hulle te triomfeer."

Het jy dit? Die offergawe van Jesus Christus se bloed aan die kruis het die duiwel ontwapen en verneder. So, wanneer jy die bloed van Jesus pleit, is dit presies wat jy doen. Jy neutraliseer die magte en aktiwiteite van Satan. Jy maak hom nutteloos, magteloos, en jy bring ook skande oor hom. As dit so is, sê dan vir my hoekom hy nie bewerig moet raak as hy Sy bloed sien of van hoor nie?

Kom ons kyk weer na ŉ getuienis van Evangelis E.O. Omoobajesu. Hierdie voorval het gebeur toe hy nog vir Satan gedien het:

***"Toe het ek die vierde van die owerste geeste in die regering van Satan geroep, wie se naam Belial is. (Enige plek waar jy ŉ paar mense sien versamel of ŉ vergadering hou of ŉ dans party hou, en later begin hulle baklei met stoele of banke en swepe of dalk sny hulle mekaar se liggame met ŉ mes of gebreekte bottels, dit is Belial, die demoniese gees wat hulle besoek het. Dit is sy funksie in die sataniese orde, om rusies te veroorsaak, of dit nou in ŉ gesin, met vriende of selfs in ŉ gemeenskap is).***

***"Ek het hom beveel: 'Gaan vorentoe en werk aan hulle om te begin veg. Ek het vir myself gesê dat hulle hulself opwekkingspredikers noem. Wanneer hulle mekaar met banke begin aanval sal dit die volgende dag hoofnuus wees in die koerante, "Herlewing word ŉ algemene bakleiery.' 'Gaan aan,' het ek vir die duiwel gesê. Hy het ŉ paar vinnige treë geneem en gestop. 'Wat is fout?' het ek verneem. Hy het my gevra om te kom kyk en ek het in beweeg om weer te kyk. Hierdie keer het ek nie meer vuur gesien nie, maar BLOED. Die hele plek het soos ŉ slagpale gelyk waar miljoene diere vars geslag was.***

***"Dit was asof al die mense in die vloeiende rivier van die bloed gedompel was. Hy het vir my gesê: 'Dit is die BLOED van die Lam van God.' Maar omdat ek hom nie verstaan het nie, het ek hom weer gevra, spottend: 'Jy bedoel dat God ŉ skaap het en dat Hy dit doodgemaak het en die bloed daarvan maak jou nou bang? Ek het ook skape by die huis. Ek sal dit later vir jou doodmaak, sodat jy die bloed kan drink.' Maar hy het gesê dat dit nie so was nie.***

***"Hy het gesê: 'Dit is die BLOED van die Lam van God wie die sonde van die wêreld wegneem!' Hy het bygevoeg: 'Niks in hierdie wêreld of in enige departement kan daardie bloed in die gesig staar in ŉ geveg nie.' So hy het prontuit geweier om voort te gaan en ek het hom ook weggejaag."***

# Конец ознакомительного фрагмента.

Текст предоставлен ООО «ЛитРес».

Прочитайте эту книгу целиком, купив полную легальную версию на ЛитРес.

Безопасно оплатить книгу можно банковской картой Visa, MasterCard, Maestro, со счета мобильного телефона, с платежного терминала, в салоне МТС или Связной, через PayPal, WebMoney, Яндекс.Деньги, QIWI Кошелек, бонусными картами или другим удобным Вам способом.